UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**AFDELING 1**

Afdeling 1 bestaan uit die eerste twee hoofstukke van hierdie proefskrif en hierin word die Voorwoord, Inleiding, Metodologie van die ondersoek en die Begripsomskrywing bespreek. Die hoofstukindeling van dié afdeling lyk soos volg:

HOOFSTUK 1 INLEIDING EN METODOLOGIE
HOOFSTUK 2 BEGRIPSOMSKRYWING

# HOOFSTUK 1 INLEIDING EN METODOLOGIE

In hierdie hoofstuk word die basiese Navorsingsvoorstel van die proefskrif vervat. Die keuse van die onderwerp, die formulering van die probleem, doel- en vraagstelling, ‘n nadere uitwerking van die ondersoek en die beplanning van die ondersoek word hierin uiteengesit. ’n Uiteensetting van die metodologie en struktuur wat die proefskrif onderlê, sowel as die plasing en die tipering van die ondersoek word ook verskaf.

## 1.1 Keuse van die onderwerp

### *1.1.1 Voorbereiding*

#### 1.1.1.1 Voorlopige omskrywing

In hierdie proefskrif word die uitdagings en eise wat aan die liturg gestel word om erediensgangers vanoor die hele spektrum persoonlikheidstyle, in ’n erediens te kan aanspreek, ondersoek. In die literatuur word en is daar baie ten opsigte van persoonlikheidstyle en -tipes as sulks geskryf, maar relatief min ten opsigte van die verskillende persoonlikheidstyle by erediensgangers en die implikasies daarvan.

Die titel van die proefskrif lui: **Persoonlikheidstyle by erediensgangers: ’n Prakties-teologiese ondersoek na die uitdagings wat aan die liturg gestel word om erediensgangers van alle MBTI® (Myers-Briggs Type Indicator®) persoonlikheidstyle effektief in eredienste te kan aanspreek.**

As uitgangspunt word die hipotese gestel dat daar spesifieke eise en uitdagings aan die liturg gestel word, om lidmate (erediensgangers) van elkeen van die sestien MBTI® persoonlikheidstyle effektief in die erediens te kan aanspreek. Hierdie eise en uitdagings word in dié proefskrif nagevors.

#### 1.1.1.2 Aanleiding tot die ondersoek

Menige predikers én hoorders wat na hulle luister, verduur ongemak en spanning, onder andere vanweë die persoonlikheidsverskille tussen hulle, sonder dat hulle weet waarom. Sommige predikante spreek sekere persone in 'n erediens aan, maar ander nie, terwyl ander predikante op hulle beurt weer ander groepe effektief bereik, maar sekeres totaal mis. Een van die belangrikste redes hiervoor is sekerlik toe te skryf aan die interaksie (of botsing) tussen spesifieke persoonlikheidstipes. Dit plaas die effektiewe oordrag én ontvangs van die blye Evangelieboodskap onder groot druk.

Groter kundigheid hieroor behoort predikers te help om meer doeltreffend te preek en meer outentiek en gemaklik op te tree. Verder sal dit lidmate in staat stel om die boodskap van heil in hulle eie 'taal' en styl te ontvang en dus eredienste meer sinvol te beleef. Kerkrade sal die predikante in hulle diens beter verstaan en optimaal in terme van persoonlikheidstyle benut en dit sal verder groter spanwerk, waardering en begrip tussen kollegas bewerk.

Die proefskrif bou voort op 'n M-verhandeling wat ek in 2004 suksesvol voltooi het aan die Universiteit van Pretoria, naamlik *'n Prakties-teologiese ondersoek na die invloed van die liturg se MBTI® persoonlikheidstyl op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens.* Die invloed van 'n liturg se spesifieke persoonlikheidstyl op die samestelling van 'n erediens is via 'n teoretiese en kwalitatiewe ondersoek, nagevors. In hierdie verhandeling is naas die teoretiese ondersoek ook empiries te werk gegaan deur die versameling van data met 'n semi-gestruktureerde selfontwerpte selfbeoordelingsvraelys.

Die proefskrif is 'n wyer fokus wat nie soseer op die invloed van die persoonlikheidstyl van die liturg (prediker) fokus nie, maar op die implikasie van die persoonlikheidstyle van die lidmate (erediensgangers) en wat die dinamiese wisselwerking in die erediensgebeure tussen die

persoonlikheidstyl van die liturg en die persoonlikheidstyle van erediensgangers wil verreken.

1.1.1.3 Persoonlike motivering tot die ondersoek

Tydens my BD-studiejare, het ek gelyktydig buitemuurs voortgegaan met BA Sielkunde Honneurs, en is ek ook as psigometris opgelei. Dit is tans my sewentiende jaar as gemeentepredikant en in die praktyk het ek al hoe meer bewus geword van die geweldige belangrike rol wat verskillende persoonlikhede in die dinamika van ŉ gemeente én eredienste speel. Om persoonlikhede verantwoordelik te evalueer en te bestuur, is egter geen eenvoudige saak nie; ‘n taak wat bemoeilik word deur die groot aantal verskillende sielkundige skole en bestaande psigometriese hulpmiddels wat toegespits word op persoonlikheidstoetsing.

Al hoe meer predikante en gemeentes het die afgelope dekade of meer van die *Myers-Briggs Type Indicator*® (MBTI®) persoonlikheidstylvraelys begin gebruik maak vir die persoonlike ontwikkeling van predikante, konflikhantering tussen kollegas, aanstelling van werkkragte en spanbou in kollegaskappe én kerkrade. Uit die aard van dié waarneming en my belangstelling en opleiding as psigometris, het ek, nadat ek aanvanklik via die ‘Diensjaar vir Christus Projek’ aan die MBTI® blootgestel is, die MBTI® kursus deurloop en is ek geakkrediteer om die MBTI®-kursus te kan afneem en te kan interpreteer.

Ek is oortuig daarvan dat die benutting en toepassing van die MBTI® en die implikasies daarvan die kerk in die breë reeds verryk het, maar dat daar nog baie onontginde potensiaal in die MBTI® is waardeur ons teologiese vakkennis (veral in die praktiese teologie en prakties-teologiese onderafdelings soos hermeneutiek, liturgiek en homiletiek) uitgebrei kan word en predikante, kerkrade en gemeentes nog verder sal kan baat vind.

#### 1.1.1.4 Voorlopige afbakening van die onderwerp

Soos reeds gesuggereer, is daar 'n groot verskeidenheid persoonlikheids-profiele en psigometriese persoonlikheidstoetse. Dit is egter onmoontlik om meer as een vir so 'n ondersoek te gebruik, aangesien elkeen sy eie teoretiese onderbou het, en nie dieselfde invalshoeke gebruik nie. 'n Psigometriese hulpmiddel wat beide prakties uitvoerbaar (én verstaanbaar) is, asook 'n aanvaarbare teoretiese onderbou het wat die teologie kan komplementeer, is nodig. In my opinie en ervaring is die beste psigometriese hulpmiddel wat aan hierdie uitdaging voldoen, die MBTI®.

Behalwe die psigometriese en sielkundige afbakening, word die ondersoek verder begrens ten opsigte van die gebeure in die erediens. Die versoeking is groot om die wisselwerking tussen persoonlikhede en die implikasies daarvan in die totale bediening van 'n predikant in 'n gemeente te ondersoek, maar dit is helaas 'n te wye navorsingsveld vir 'n enkele studie en daarom word die ondersoek tot die erediens afgegrens.

#### 1.1.1.5 Globale probleemstelling

Met hierdie proefskrif wil ek dus die implikasies van en wisselwerking tussen verskillende persoonlikheidstyle by erediensgangers en die daaruitvloeiende eise en uitdagings wat in 'n erediens aan die persoon van die prediker (liturg) gestel word, ondersoek.

#### 1.1.1.6 Die bedoeling van die ondersoek

Die bedoeling van hierdie proefskrif is om groter kundigheid, waardering en begrip by lidmate, gemeentes en predikante te bewerk, wat groter effektiewe kommunikasie van die heilsboodskap tydens eredienste sal meebring, asook die wetenskaplike uitbreiding van kennis ten opsigte van die rol van persoonlikhede by erediensgangers in die kader van die praktiese teologie.

### 1.1.1.7 Plasing van die onderwerp binne die prakties-teologiese kader

Die ondersoek het die praktiese gemeente-opset in die oog en het te doen met die effektiewe oordrag van die Evangelieboodskap en die bemiddeling van die heil in die erediens. Dit hoort dus duidelik tuis in die teologiese kader, en spesifiek in die studieveld van die praktiese teologie. Ander dissiplines kom wel ook ter sprake. Praktiese teologie volg immers 'n intra-dissiplinêre benadering. *"Therefore, in theological theories of practice the relationship with God cannot be isolated from the other aspects that constitute practices. The practical theological approach must therefore be intra-disciplinary"* (Immink & Verweij 2007:144).

Ander geesteswetenskappe en veral die psigologie kom ook in die proefskrif ter sprake. Die erediensganger is tog nie net 'n spirituele wese nie, maar ook 'n psigiese en sosiale wese. *"Theological research of religious practices acknowledges that Christian faith is, among other things, a human attitude. Faith-as-it-is-lived is embedded in mental life – it involves cognition, it is an affection, a volitian. Hence, faith as it manifests in practice is embedded in the psychosocial realm"* (Immink & Verweij 2007:143).

Verder kom die konteks (in dié geval die erediens), interpersoonlike kommunikasie (tussen erediensgangers onderling en tussen erediensgangers en die liturg) en die verstaan daarvan (konteks, erediensgangers en kommunikasie) ook ter sprake. *"This contextual embodiment is an essential factor in the theological research of practices.... In addition to this embeddedness in real life, interhuman communication is constitutive for practices"* (Immink & Verweij 2007:143).

Daar is dus duidelike raakvlakke met ander dissiplines, onder andere die psigologie, filosofie, filologie, sosiologie en die kommunikasie-wetenskappe. In die prakties-teologiese raamwerk, word dit toegespits op

die studievelde liturgiek (konteks), homiletiek (kommunikasie) en natuurlik die hermeneutiek (interpretasie).

#### 1.1.1.8 Karakterisering van die ondersoek as 'n teoretiese konseptualisering

'n Mens kan in die praktiese teologie onderskei tussen 'n historiese-, 'n teoreties-konseptuele of 'n empiriese benadering (vgl Immink 2003:184 & Van der Ven 1985:191-207). Dit beteken dat navorsing in die praktiese teologie nie noodwendig empiriese navorsing hoef te wees nie. Solank dit vanuit die praxis of gerig op die praxis geskied.

Immink (2003:184) verwoord dit so:

> *Van der Ven heeft zelf op een indrukwekkende wijze kwantitatief onderzoek verricht en op die manier bijgedragen aan de ontwikkeling van de praktische theologie. Dat neemt niet weg dat een praktijk-wetenschap ook zonder empirisch onderzoek een bijdrage kan leveren aan de theorie-ontwikkeling van het praxisveld. Maar ook dan is een gedegen kennis van en betrokkenheid op het praxisdomein essentieel. Het is dus niet zo dat de praktische theologie als wetenschap samenvalt met de empirische theologie.*

Teoretiese navorsing en konseptualisering loop uit op 'n praktykteorie wat in die praktyk toegepas, gebruik en getoets kan word. *"Conceptualizing and conceptual ordering is a constitutive factor in the framework of a theory. In doing research we intend a theoretical grasp on processes and problems in the substantive area"* (Immink & Verweij 2007:142).

Die MBTI® meetinstrument wat in die proefskrif ter sprake kom, is reeds in die praktyk wetenskaplik begrond, soos aangedui sal word, en word al vir baie dekades effektief in die praktyk gebruik. Die problematiek wat

ondersoek word lê in die hart van die praktiese teologie (eredienspraktyk) en verder sal die bevindings met die oog op 'n praktykteorie uiteengesit word. Die primêre bedoeling van die ondersoek is dan nie om die MBTI® as 'n geldige psigometriese instrument te bewys al dan nie (dit is en word reeds genoegsaam deur wêreldwye navorsing gedoen), maar om die eise en implikasies van die verskillende persoonlikheidstyle op die oordrag van die heilsboodskap in eredienste toe te pas.

Ek gaan in redelike fyn besonderhede op die saak in, aangesien die tema van die proefskrif én die Praktiese Teologie hom besig hou met spesifieke kommunikatiewe vraagstukke. Hermelink (2007:29) verwoord dit so: *"Practical Theology is engaged with the particular, with specific situations and with the specific problems of communication in practice".* Die proefskrif bevind homself in die situasie van die erediens met die spesifieke en unieke kommunikasieproblematiek en hermeneutiese-, liturgiese- en homiletiese uitdagings eie aan die persoonlikheidstyl-voorkeur van elke erediensganger.

Die ondersoek geskied dus aan die hand van 'n omvattende teoretiese literatuurstudie met die klem op teoretiese konseptualisering. Hier word op die voetspoor van bekende praktiese teoloë soos Immink (2003) en Van der Ven (1985) voortgebou. Die metodologie ten opsigte van die praxis in hierdie proefskrif is dus 'n teoretiese ondersoek waarin ek deeglike teoretiese konseptualisering van die probleem, doel- en vraagstelling doen. Hierdie bevindinge sou in 'n verdere navorsing empiries opgevolg kan word en die praktykteorie in die praktyk getoets kan word. Dit raak egter te wyd vir een studie om dit ook in hierdie proefskrif te doen.

1.1.1.9 Versameling van beskikbare materiaal

'n Wye en omvattende literatuurstudie word beplan. 'n Groot aantal bronne (plaaslik en buitelands) is ontgin deur middel van biblioteke, artikels, homiletiese en liturgiese verenigings, asook die Internet. 'n Volledige

bibliografie word aan die hand van die basiese *Harvard* verwysingsisteem aan die einde van die ondersoek by die proefskrif ingesluit.

1.1.1.10 Ortografie en verwysing

Ek maak in die proefskrif van die aangepaste *Harvard*-metode gebruik, soos uiteengesit deur Kilian (1989) en Kritzinger (2000). Aangesien ek in Afrikaans skryf, plaas ek alle aanhalings uit ander tale, ook Engels, in kursief. In die proefskrif word deurgaans van ’n nommer 12 *Arial* skriftipe gebruik gemaak met 1.5 spasiëring.

## 1.2 Formulering van die probleem, doelstelling en vraagstelling

### *1.2.1 Probleemstelling*

Daar bestaan onkunde en misverstand by kerkrade, gemeentes, liturge en erediensgangers vanweë ’n wanbegrip, onderskatting en onderbenutting van die effek van die persoonlikheidstyle van die erediensgangers op die effektiewe kommunikasie-oordrag in ’n erediens. Hierdie probleem is ’n struikelblok ten opsigte van die effektiewe kommunikatiewe oordrag van die Evangelie en die dialogiese kommunikasieproses in die erediens.

### *1.2.2 Doelstelling*

Die doel van die ondersoek is om waardering en begrip vir die behoeftes en dinamika van verskillende persoonlikheidstyle en die wisselwerking daartussen in ‘n erediensgebeure te kweek. Predikers en kerkrade kan die inrigting en verloop van eredienste dan ook beter en meer doelgerig beplan, sodat daar minder kommunikasiesteurnisse in die oordrag, ontvangs én interpretasie van die heilsboodskap sal wees.

### *1.2.3 Vraagstelling*

Die vraag is watter kundigheid en begrip by predikante, kerkrade en gemeentes bewerk moet word om die verskillende persoonlikheidstyle se behoeftes en fokusse in die erediens te kan akkommodeer en te kan benut, sodat die kommunikasie-oordrag aan en die dialogiese betrokkenheid van die verskillende persoonlikheidstyle effektief in 'n erediens kan geskied?

## 1.3 'n Nadere uitwerking van die ondersoek

### *1.3.1 Inhoudelike uitwerking*

Ter wille van duidelikheid is dit nodig dat enkele onderstaande begrippe in die probleemstelling voorlopig kortliks gedefinieer sal word. Hierdie definisies sal saam met die omskrywings van ander relevante begrippe (soos onder andere liturgiek, homiletiek en hermeneutiek) later meer volledig in die proefskrif gedefinieer, uiteengesit en gemotiveer word.

Liturg: 'n Geordende prediker/predikant in die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat eredienste waarneem.

Persoonlikheidstyl(e): 'n Unieke persoonlikheidstyl soos wat dit omskryf en uitgewerk word in die sestien persoonlikheidstyl-voorkeure van die MBTI®. In dié ondersoek sal elke persoonlikheidstyl spesifiek gedefinieer word.

Erediensgangers: Met erediensgangers word lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat eredienste bywoon, bedoel.

| | |
|---|---|
| Effektief te kan aanspreek: | Dit handel oor die geslaagde dialogiese kommunikasie-oordrag waartydens die Evangelieboodskap tydens 'n erediens aan erediensgangers oorgedra en deur hulle ontvang én verstaan word. |
| Erediens: | Met erediens word die normale dialogiese ontmoetingsgebeure tussen die drie-enige God en sy gemeente in al sy vorme en variasies, soos wat dit elke Sondag in die Nederduitse Gereformeerde Kerk en haar gemeentes plaasvind, bedoel. |

### *1.3.2 Stappe in die ondersoek*

Die ondersoek word met die oog op wetenskaplike- en kerklike relevansie in twee fases uiteengesit, naamlik 'n teoretiese en 'n konkluderende fase.

#### 1.3.2.1 Teoretiese fase

'n Omvattende literatuurstudie oor persoonlikheidstyle en die hermeneutiese- en homiletiese rol en eise daarvan in die liturgiese raamwerk van die erediens word gedoen en geïnterpreteer met die oog op teoretiese konseptualisering. Die literatuurstudie word toegespits op 'n spesifieke psigometriese tipologie, naamlik die van die MBTI®, hoewel ander tipologieë en psigometriese instrumente ook kortliks bespreek en oorweeg word.

#### 1.3.2.2 Konkluderende fase

Die bevindinge van die teoretiese literatuurstudie word gestel. Hieruit word 'n praktykteorie ontwikkel en inligting deurgegee wat erediensgangers, predikante, kerkrade en gemeentes kan dien en die prakties-teologiese vakkennis op die hermeneutiese-, homiletiese- en liturgiese terrein kan verbreed.

1.3.2.3 Relevansie

Die teoretiese fase en konkluderende fase loop uit die verwerwing en verskaffing van relevante kennis op wetenskaplike en kerklike terrein.

Wetenskaplike relevansie: Waardevolle kennis ten opsigte van die invloed van spesifieke persoonlikheidstyle op die liturgiek, homiletiek en hermeneutiek word verwerf en die praktyk en teorie word wedersyds verryk, aangevul en gekorrigeer.

Kerklike relevansie: Hierdie ondersoek sal erediensgangers, kerkrade, predikante en gemeentes help sodat die Evangelieboodskap duideliker en meer effektief gekommunikeer word, en beter en sinvoller beleef word. Dit kan ook vir predikante en kerkrade die nodige insig en kundigheid gee om eredienste meer doelgerig en effektief in te rig, wat sal lei tot 'n meer geïntegreerde verstaan en toepassing van die Evangelieboodskap in die daaglikse lewenspraktyk van erediensgangers.

## 1.4 Beplanning van die ondersoek

### *1.4.1 Opset en struktuur*

Die proefskrif word aan die hand van vier afdelings uiteengesit naamlik 1. 'n Inleidende gedeelte; 2. 'n Breedvoerige uiteensetting van die saak; 3. Afleidings, gevolgtrekkings en aanbevelings en 4. 'n Samevatting. Die afdelings en hoofstukindelings van die proefskrif sien dan soos volg daar uit:

1.4.1.1 Afdeling 1

Afdeling 1 omvat die eerste twee hoofstukke van die proefskrif en hierin word die Voorwoord, Inleiding, Struktuur en Metodologie en die Begripsomskrywing bespreek. Die plasing en tipering van die ondersoek

word ook hierin hanteer. Die hoofstukindeling van dié afdeling lyk soos volg:

HOOFSTUK 1 INLEIDING EN METODOLOGIE
HOOFSTUK 2 BEGRIPSOMSKRYWING

1.4.1.2 Afdeling 2

Afdeling 2 beslaan die teoretiese fase van die ondersoek en hierin word 'n breedvoerige uiteensetting van die studie in Hoofstukke 3 tot 10 verskaf. Hierdie afdeling bevat onder andere die teoretiese uiteensetting van die prakties-teologiese grondlyne, spesifieke hermeneutiese eksponente, verskillende faktore wat die oordrag en verstaan van die heilsboodskap in 'n erediens beïnvloed en medebepaal, die bespreking van persoonlikheid, persoonlikheidstyle en -tipes, die breë evaluering van verskillende moontlike psigometriese instrumente wat 'n bydrae sou kon lewer in die ondersoek, die evaluering en motivering van Jung se psigologiese model wat die MBTI® onderlê, die motivering en bespreking van die keuse vir die MBTI® persoonlikheidstyluiteensetting asook 'n breedvoerige uiteensetting en verduideliking van die MBTI® tipologieë. Bogenoemde afdeling word aan die hand van die volgende hoofstukke uiteengesit:

HOOFSTUK 3 PRAKTIES-TEOLOGIESE GRONDLYNE
HOOFSTUK 4 DRIE HERMENEUTIESE EKSPONENTE
HOOFSTUK 5 VERSKILLENDE FAKTORE WAT DIE OORDRAG EN VERSTAAN VAN DIE HEILSBOODSKAP IN 'N EREDIENS BEÏNVLOED EN MEDEBEPAAL
HOOFSTUK 6 PERSOONLIKHEID, PERSOONLIKHEIDSTYLE EN PERSOONLIKHEIDSTIPES
HOOFSTUK 7 PSIGOMETRIESE EVALUERING
HOOFSTUK 8 JUNG EN PERSOONLIKHEID
HOOFSTUK 9 DIE TEORETIESE ONDERBOU VAN DIE MBTI®
HOOFSTUK 10 DIE SESTIEN MBTI® TIPOLOGIEË

1.4.1.3 Afdeling 3

Afdeling 3 omvat die konkluderende fase van die ondersoek en bestaan uit Hoofstukke 11 en 12 waarin afleidings vanuit die literatuurstudie gemaak, verbande gelê, gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings gestel word wat die liturge en gemeentes kan dien en help. Sake wat aandag kry is onder andere:

- Spesifieke en algemene liturgiese- en homiletiese uitdagings en hermeneutiese eise wat aan die liturg gestel word om lidmate van verskillende persoonlikheidstyle en -kombinasies in eredienste effektief te kan aanspreek.
- Afleidings en aanbevelings ten opsigte van hoe eredienste ingeklee kan word om persoonlikheidstyl-vriendelik te kan wees.
- Die balans en wisselwerking tussen die inagneming en akkommodasie van ander se persoonlikheidstyl en die persoonlikheidstyl van die liturg.

Bogenoemde word in die volgende hoofstukke uiteengesit:

| | |
|---|---|
| HOOFSTUK 11 | ALGEMENE EISE EN UITDAGINGS |
| HOOFSTUK 12 | SPESIFIEKE EISE, UITDAGINGS EN AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN DIE SESTIEN MBTI® TIPOLOGIEË |

1.4.1.4 Afdeling 4

In Afdeling 4 (HOOFSTUK 13 SAMEVATTING en die BIBLIOGRAFIE) word die ondersoek kortliks saamgevat en 'n volledige bibliografie aan die hand van 'n aangepaste *Harvard* metode verskaf.

# HOOFSTUK 2 BEGRIPSOMSKRYWING

## 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die omskrywing van die sleutelbegrippe in hierdie proefskrif. Die begrippe in die titel van die proefskrif word omskryf, en daarmee saam ook ander relevante begrippe ten opsigte van die tema en die breër studieveld. Die titel van die proefskrif lui: **Persoonlikheidstyle by erediensgangers: ’n Prakties-teologiese ondersoek na die uitdagings wat aan die liturg gestel word om erediensgangers van alle MBTI® (*Myers-Briggs Type Indicator®)* persoonlikheidstyle effektief in eredienste te kan aanspreek.**

Elkeen van hierdie begrippe en dié begrippe verbonde daaraan sal vervolgens bespreek en omskryf word. Die begrippe wat direk met die titel verband hou, word (waar moontlik) breedvoerig in hierdie hoofstuk uiteengesit, maar die begrippe wat indirek daaraan verbonde is, word in latere hoofstukke meer uitvoerig omskryf. Dit lei daartoe dat begrippe soos ‘persoonlikheidstyle’, ‘homiletiek’ en ‘hermeneutiek’ later in Hoofstuk 6, Hoofstuk 3 en Hoofstukke 3 en 4 meer uitvoerig behandel word. Hierdie hoofstuk se omskrywing dien dan slegs as ’n aanvanklike inleiding in die betrokke studieveld. Ander begrippe soos ‘erediensgangers’, ‘liturgie’, ‘liturgiek’ en ‘liturgiewetenskap’ word alreeds uitvoerig in hierdie hoofstuk beskryf. Die begrip ‘prakties-teologiese ondersoek’ word in Hoofstuk 3 verder aangevul met ‘prakties-teologiese grondlyne’. Die begrippe ‘uitdagings’ en ‘effektief te kan aanspreek’ word in Hoofstukke 11 en 12 aangevul met ‘n praktykteorie as die uiteindelike doelwit en gevolgtrekking van hierdie ondersoek.

## 2.2 Persoonlikheidstyle

Om uiteindelik MBTI® persoonlikheidstyle te kan bespreek en omskryf, moet die verband tussen persoon(likheid), persoonlikheidstipe en

persoonlikheidstyl aangetoon word. Sodanige uiteensetting word in Hoofstuk 6 wat spesifiek oor persoonlikheid handel, gehanteer. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word voorlopig slegs kortliks aangetoon dat met 'persoonlikheidstyle' die MBTI® persoonlikheidstyle bedoel word.

Die term persoonlikheidstyl word in die proefskrif gebruik, aangesien dit inpas by beide Myers en Briggs en Jung se bedoeling dat daar waardering en ruimte gekweek sal word vir die uniekheid en besondersheid van elke persoonlikheidstyl. Met die term 'persoonlikheidstyl' word dan die spesifieke persoonlikheidstylvoorkeure soos dit omskryf en uitgewerk word in die sestien onderskeibare persoonlikheidstyle van die *Myers-Briggs Type Indicator*® (MBTI®) bedoel. Die rede vir hierdié keuse word in Hoofstuk 7 gemotiveer. Jung se onderliggende teorie en die MBTI® se teoretiese onderbou word in Hoofstukke 8 en 9 onderskeidelik uiteengesit. In Hoofstuk 10 word elkeen van dié sestien persoonlikheidstyle pertinent gedefinieer.

### 2.3 Erediensgangers

Heitink (2007:228) sien op voetspoor van Firet erediens as die kern van die samekomste van die gemeente: *"de verzamelde gemeente als de grondvorm van alle kerkelijk handelen. Hier openbaart God zich als de sprekende, hier voltrekt zich het wonder van zijn aanwezigheid. In het midden van zijn gemeente realiseert Hij de heil".* Hieruit volg dat erediensgangers as die samekoms van die gemeente, die hart van die gemeente én gemeentewees uitmaak. Heitink (2007:229) merk op dat *"het samenkomen, de vergadering der gelovigen, van constitutieve betekenis is voor elke vorm van gemeente-zijn. Het is niet iets bijkomstigs, maar de grond van haar bestaan, het hart van de zaak".* Liturgiek en homiletiek lê dus in die kern van die ekklesiologie.

Hierdie erediensgangers vorm as geloofsgemeenskap die sigbare liggaam van Jesus Christus. Daarom kan liturgieviering in die erediens nie losgemaak word van die onderlinge verbondenheid (verhouding met God

en met mekaar nie), en sal gemeenskap sonder 'n lewende liturgie in 'n ongebalanseerde sosialisering ontaard (Heitink 2007:229). Die versamelde gemeente bestaan gevolglik uit erediensgangers met verskillende persoonlikheidstyle en -spiritualiteite wat in die dialogiese samekoms (erediens) en verhoudings van die gemeente verreken moet word.

Erediensgangers word in die sin wat Heitink (2007) dit bedoel, as die hart van die gemeentewees verstaan, maar moet tog ter wille van die proefskrif se skopus nouer afgegrens word. Met erediensgangers word dan lede van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat eredienste bywoon, bedoel. Die breër begrip 'lidmate' of die meer toegespitste begrip 'hoorders' of 'toehoorders' sou ook gebruik kon word. 'n Tussenin-keuse word egter vir die begrip 'erediensgangers' gemaak, aangesien 'hoorders' in my opinie te eng net op één deel van die hermeneutiese kommunikasie afgestem klink en so eintlik net op enkele aspekte van die lidmaat se betrokkenheid fokus, naamlik die 'luister en aandag gee' -aspekte, terwyl 'erediensgangers' die deelname van die totale persoon(likhede) in die erediensgebeure omvat.

Verder word 'lidmate' te wyd op persone afgestem wat nie noodwendig eers eredienste bywoon nie. Die vraag ontstaan na aanleiding van Heitink (2007) se uitgangspunt soos hierbo verwoord, of hulle dan enigsins integraal deel van die geloofsgemeenskap sou kon wees? Smuts (1988:v) verwoord iets hiervan: "Daar is egter ook 'n skadukant aan hierdie saak in die feit dat daar talle lidmate en ander is vir wie die erediens geen aantrekkingskrag besit nie, met die gevolg dat hulle nie meer kerk toe kom nie. Ander kom wel nog gereeld en neem aan die erediens deel sonder om die volle rykdom daarvan te verstaan of te beleef".

Natuurlik word die begrip 'hoorder' in die kommunikasiekunde en hermeneutiek baie wyer gesien en bedoel, maar ter wille van die makliker verstaan deur predikante én gemeentelede, word die woord 'erediensganger' gekies, behalwe weer eens waar aanhalings of

woordspelings dit moeiliker maak. 'Erediensgangers' omvat die totale mens met sy persoonlikheid wat betrokke is by die dialogiese- en relasionele dinamiek in die erediens.

## 2.4 'n Prakties-teologiese ondersoek

### *2.4.1 Prakties-teologiese ondersoek*

'n Prakties-teologiese ondersoek dui die raamwerk en die invalshoek aan waarbinne die studieveld van die proefskrif val. Die ondersoek lê in die hart van die praktiese teologie en die hermeneutiek, wat fokus op die konkretisering van die heilsboodskap in die leer en lewe van die kerk. *"Practical theology, as hermeneutics, focuses on interpreting the meaning of salvation so that it concretizes faith.... Practical theology tries to interpret and translate the praxis of God in terms of human and existential issues through the action of communities of faith – the ministry of the church in the world"* (Louw 1998:98).

Die praktyk en die teorie vorm 'n digotomie wat mekaar wedersyds beïnvloed, korrigeer en aanvul. Drie terreine in die praktiese teologie verdien meer aandag naamlik liturgiek, homiletiek en hermeneutiek. "Die praktiese teologie is gerig op die Christelike geloofspraxis. Die praxis word ook in die erediens beoefen en gevoed... Dit spreek vanself dat die liturgiek ten nouste met die homiletiek en die himnologie verweef is" (Vos en Pieterse 1997:15). Dit geld ook die hermeneutiek wat in breër verband beide die liturgiek én homiletiek asook die kommunikatiewe verstaan van (en deur) persoonlikheidstyle beïnvloed.

Dit is egter meer gepas om die liturgiek onder die opskrif 'Eredienste' te bespreek, maar homiletiek en hermeneutiek word vervolgens kortliks onder die bogenoemde subtema van 'n prakties-teologiese ondersoek bespreek. 'n Wyer uiteensetting daarvan volg in Hoofstukke 3 en 4. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat in 'n prakties-teologiese besinning die hermeneutiek, liturgiek en homiletiek nooit losgemaak kan word van 'n

ekklesiologiese raamwerk nie, waarin die Christologie, Pneumatologie én teologiese antropologie ’n beduidende rol speel.

Louw (1998:96) vat dit mooi saam in sy boek *A Pastoral Hermeneutics of Care and Encounter: a Theological Design for a Basic Theory, Anthropology, Method and Therapy*:

> *To help practical theology to retain its theological character, we choose the hermeneutical model. The hermeneutical model has a theological character when the object of practical theology is not primarily communicative faith actions, but rather understanding the meaning and significance of the covenantal encounter. The primary object of practical theology becomes the praxis of God, the ecclesial structure of the God-human interaction and the meaning of Christian faith for human actions in the world... This does not mean that we opt for the traditional model, but it implies an ecclesiological approach. The focal point in this approach is the ministry, the development of spirituality and the transformation of people and the world. The Spirit is the most important factor in this process of transformation. Practical theology, therefore, is linked to the eschatological perspective as exercised through the Spirit.*

### *2.4.2 Homiletiek*

Homiletiek is ’n begrip wat as so vanselfsprekend in die (praktiese) teologie aanvaar word, dat dit selde verduidelik word, of bloot terloops gedefinieer word, sonder om pertinent te noem dat dit na homiletiek verwys. Elke teoloog behoort immers mos te weet wat homiletiek is. Ter wille van myself (en die studieveld waarin ek my bevind) én ander soos ek poog ek tog om by ’n doelmatige definisie van homiletiek uit te kom. Ek verskaf eers ’n kort omskrywing van homiletiek voordat ek die begrip

lateraan meer akademies-teologies omskryf. Dit geld ook die (aan homiletiek verwante) breër studievelde van die liturgiek en die hermeneutiek.

2.4.2.1 Enkele definisies van homiletiek

In die engste sin sou homiletiek beskou kon word as die wetenskaplike of teologiese vakbenaming vir die begrip prediking; prediking waarin die heil van God in Jesus Christus aan mense sentraal staan. Met heil word die volgende bedoel: ”Die mees omvattende omskrywing daarvan (van heil) is dat dit verlossing, redding is. Redding uit verlorenheid, redding van die mens en die wêreld” (Vos 1996:104).

Die kortste definisie van homiletiek sou natuurlik ‘preekkunde’ kon wees, die vakbenaming waaronder homiletiek vir jare gedoseer is, wat ŉ meer praktiese aanpak weerspieël. Dit sou egter te min sê van die dialogiese fokus en kommunikatiewe gerigtheid van homiletiek, en slegs een aspek van die erediens onderstreep, asof prediking slegs ŉ vaardigheid is wat aangeleer sou kan word.

Die kommunikasie in die erediens omsluit egter baie meer as net die element van die prediking, of die aanleer van spesifieke tegnieke in dié verband. Daarom sou homiletiek wyer verstaan moet word as die oordrag (*kerugma*) van die Evangelie (heilsboodskap) deur onder andere prediking, maar ook deur die res van die liturgie en gebeure in die erediens. *“Ultimately, the whole object of the sermon is to communicate a message”* (Vos 2005:299).

Die taak van die homileet sluit dus, behalwe vir nadenke en navorsing ten opsigte van die prediking, ook ’n uitgebreide teorie ten opsigte van die ganse erediensgebeure (en selfs nog wyer as dit) in. Immink en Verweij (2007:146&147) verwoord dit so: *“The job of a homiletician is not to provide a perfect description of preaching, but to develop a theory that*

*accounts for much of the homiletical discourse, the sermonic interaction process, the formation of faith, et cetera".*

Homiletiek vind sy Griekse wortel (hoe dan anders?) in *homilein* of *homilia*, wat (vry vertaal) in teologiese verband die 'toepassing van die algemene beginsels van retoriek op openbare prediking behels' (Wikipedia 2006). Volgens Müller (1983:19&20) word *homilein* in die Nuwe Testament gebruik ten opsigte van gesprekke oor Jesus en die Evangelie asook ten opsigte van die element van prediking op 'n dialogiese wyse. Homiletiek kan ook gedefinieer word as die 'wetenskap wat die analise, klassifikasie, voorbereiding, samestelling en lewering van preke omsluit'. Homiletiek word verder omskryf as die 'kuns van prediking wat in kweekskole aan voornemende predikante geleer word, sodat hulle in die openbaar die Evangeliewaarhede aan 'n groot groep mense kan oordra, in die vorm van 'n homilie oftewel 'n preek' (Wikipedia 2006).

'n Ander omvattende Internet definisie van homiletiek lui soos volg:

> *The study of homiletics seeks to prepare preachers to respond faithfully and effectively to the joy and responsibility of preaching. This requires integration of sound exegesis, theological reflection, ecclesiological insight, pastoral sensitivity, and communication skills. Faithful and effective sermons help us to encounter God by connecting us with our faith heritage, pointing us toward the future in which God's promises unfold, and naming current moments and places in which God becomes manifest.*
>
> (Lextheo 2006)

Natuurlik is daar, behalwe deur prediking, 'n magdom ander maniere waarop die oordrag van die Evangelieboodskap kan plaasvind, hetsy visueel, sensories of geskrewe, maar aangesien dit die eeue-oue tradisie

van die kerk is (geloof kom deur prediking en die hoor van die Woord – vgl Romeine 10 NAV) en daarom ook die ongeskrewe verwagting en reël in elke erediens is, gaan ek van die standpunt af uit dat elke erediens, op welke wyse ook al, die een of ander vorm van 'preek' of boodskap moet bevat, hoe kreatief of vernuftig ook al aangebied. Ek sluit dus aan by die stereotipe, maar geldige persepsie dat 'n diens sonder die prediking van die Woord geen erediens is nie.

Soveel te meer nog geld dit ons gereformeerde tradisie waarin die Woord sentraal staan, en God deur die Woord aan die woord moet kom – waarskynlik op een of ander homiletiese manier. Hier sluit ek graag aan by die monumentale werk van Barnard (1985:565) oor die erediens: "Sou die prediking in die erediens verval, dan ontbreek 'n wesentlike deel daarvan, en hou dit op om nog 'n erediens te wees. Die prediking het konstituerende krag en betekenis en is onvervangbaar".

#### 2.4.2.2 Definiërende elemente van die homiletiek

Karl Barth (1991:19-44) ondersoek velerlei definisies vir prediking (homiletiek), onder andere definisies van David Hollaz, Friedrich Schleiermacher, Alexandre Vinet, Christian Palmer, CI Nitzsch, Johannes Bauer, Karl Fezer en Leonhard Fendt. Hieruit kondenseer hy nege elemente wat deel uitmaak van 'n omvattende definisie van prediking (homiletiek) naamlik: 1. Openbaring (Die Woord van God), 2. Die kerk as die plek van prediking, 3. Die Goddelike opdrag (tot prediking), 4. Die spesiale bediening van die prediker, 5. Die gedagte aan prediking as dié van 'n voorlopige poging, 6. Die verhouding (verband) met die Skrif, 7. Die konsep van individuele spraak (taal), 8. Die konsep van die gemeente en 9. Die Heilige Gees as die beginpunt, kern en afsluiting van die prediking (Barth 1991:43). Vervolgens 'n kort verduideliking van elk van dié homiletiese elemente:

2.4.2.2a Openbaring (Die Woord van God)

Prediking is altyd ondergeskik en onderworpe aan Godsopenbaring – God wat Homself reeds deur sy Seun Jesus Christus aan die mensdom geopenbaar het. Alle handelinge in die prediking lê tussen die eerste en tweede advent (koms van Jesus Christus) en is uitsluitlik die handelinge van God (Barth 1991:47). Prediking hoef dus nie die bestaan van God te bewys of te poog om God in realiteit uit te beeld nie. God kommunikeer self aktief in prediking (*Deus loquitur).* Verder kan prediking nooit van die Woord losgemaak word nie, maar moet dit vanuit die Skrif geskied en nie bloot oor die Skrif handel nie (Barth 1991:49). Ware prediking is dus Skrifgebonde prediking waardeur God self aan die Woord kom.

2.4.2.2b Die kerk as die plek van prediking

Prediking geskied altyd ekklesiologies in die sfeer van die kerk, in ooreenstemming met die bestaan en visie van die kerk (Barth 1991:56). Volgens Barth (1991:56&57) is die kerk (en dus die erediens) die enigste plek (ruimte) waarin mense die openbaring van God as gawe kan ontvang, anders as al die ander samelewingsverbande van waaruit die prediking van God's Woord kan geskied. Die gemeente (erediens) is 'n unieke plek waarvandaan die bediening van die versoening in Christus verkondig kan word. Prediking vind dan plaas in die teenwoordigheid van die Skrif en die sakramente. Die sakramente getuig van die openbaringsgebeure wat plaasgevind het, terwyl die Skrif getuig van die inhoud van hierdie Godsopenbaring (Barth 1991:62&63).

2.4.2.2c Die Goddelike opdrag (tot prediking)

Prediking berus op Goddelike bevel en word gedoen uit gehoorsaamheid aan 'n Goddelike roeping (Barth 1991:63). Die mandaat van prediking as die gehoorsaamheid aan dié Goddelike bevel en roeping impliseer 'n konfessionele karakter. Belydenis is die antwoord op God se Woord en prediking moet ook rekening hou met groter (ouer) antwoorde van die kerk

naamlik die belydenisskrifte, maar ook met die primaat van Matteus 6:33a (NAV): “Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God” (vgl Barth 1991:65).

2.4.2.2d Die spesiale bediening van die prediker

Hoewel daar nie volgens Barth (1991:66) ’n spesifieke leerstuk ten opsigte van hierdie bediening uit die Bybel afgelei kan word nie, doen predikers (liturge) tog in hulle spesifieke gemeentes wat die apostels vir die totale kerk gedoen het. *“To the extent that the church is the body of Christ, the preacher is the ‘successor apostolorum vicarious Christi’ (successor of the apostles and Vicar of Christ)”* (Barth 1991:66). Predikers (liturge) moet ‘n innerlike roeping, ‘n uiterlike roeping (van ‘n gemeente), ’n lewenswyse as verlostes deur Christus (wat beskeidenheid insluit) asook ’n deeglike teologiese opleiding met vertroue op die Heilige Gees hê (Barth 1991:67-71).

2.4.2.2e Die gedagte aan prediking as dié van ’n voorlopige poging

‘Voorlopig’ word hier in die dubbele sin van ‘nie finaal nie’ asook ‘vooruit gestuur’ bedoel (Barth 1991:71; vgl Lukas 10:1 NAV). Prediking is weliswaar ’n menslike handeling, maar een wat deur God beveel en geseën word. Die betekenis van prediking berus daarom op die Godsopenbaring, die kerk (gemeente), God se opdrag en roeping, en nie op menslike handelinge *per se* nie. Prediking geskied altyd voor die aangesig van God (*coram Deo*) met Jesus Christus wat die laaste woord spreek (Barth 1991:72&73). Ons verstaan van prediking is dus voorlopig en sou gedefinieer kon word as ‘aankondiging’ (*heralding)* (Barth 1991:74). Die kerk is Christus se diensmaagd en boodskapper (*herout*) op aarde wat Hom aankondig.

2.4.2.2f Die verhouding (verband) met die Skrif

Prediking kan en mag niks anders wees as die verstaan, uitlê en herhaling van die Goddelike Woord nie. Die Woord getuig van God se openbaring, stel die kerk in, gee die bevel en die roeping om te getuig (en te preek) (Barth 1991:75). Die Bybel is die bron, fokus en instrument van die prediking. Gnanavaram (2007:215) sluit hierby aan: *"The Bible is a book of preaching. This is true of the Hebrew scripture, but in particular of the New Testament".* Dit vra volgens Barth (1991:76-79) van die prediker absolute vertroue in die Heilige Skrif, hoogagting vir die Woord, gefokusde aandag op dit wat in die Woord geskryf staan, beskeidenheid en nederigheid (ons is maar net die boodskappers) asook toeganklikheid en buigsaamheid in die verwagting dat God met hom/haar en die gemeente sal praat. Hieruit volg ook dat predikers (liturge) nie plaaslike heiliges, onrealistiese idealiste en vervelig moet wees nie, maar heenwysers na Christus. (Barth 1991:79&80). Die gesindheid van Lukas 17:10 (NAV) is by liturge van toepassing: *"So is dit ook met julle: as julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: 'Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen'".* Tog moet dit met 'n blymoedigheid geskied en 'n dankbaarheid dat ons die voorreg het om boodskappers van die heerlike heilsboodskap te mág wees.

Prediking (homiletiek) is die voorreg én verantwoordelikheid van die kerk, maar God self moet aan die woord kom, al is dit deur mense. Hiervoor is gebondenheid aan die Skrif van kardinale belang. Barth (1991:45) verwoord dit so: *"Two things call for emphasis. First, God is the one who works, and second, we humans must try to point to what is said in scripture. There is no third thing".*

2.4.2.2g Die konsep van individuele spraak (taal)

Hier verwys Barth (1991:81) na oorspronklikheid en kreatiwiteit in prediking. Predikers (liturge) moet met hulle eie persoonlikhede en unieke menswees (soos wat hulle is) die Woord uitlê. *"It is as the persons they*

*are that preachers are called to this task, as these specific people with their own characteristics and histories. It is as the persons they are that they have been selected and called. This is what is meant by originality"* (Barth 1991:81). By hierdie waarheid sluit die proefskrif en die voorafgaande verhandeling aan en poog om juis hierdie spesifieke en unieke persoonlikheidstyle en -verskille in die erediens te verreken.

Liturge moet bloot hulleself wees om die erediensgangers te kan bereik. Jy as liturg is die instrument (vgl Nel 2001:14; Steyn 2004:35). Dit impliseer volgens Barth (1991:82-84) dat liturge self berouvolle, maar dankbare luisteraars van die Woord moet wees, maar ook betroubare getuies van die eise van die Woord. Verder moet eredienste onafhanklik wees (selfstandig en opreg) met eerlike eie taal en taaluitinge. Prediking en liturgie moet eenvoudig gehou word.

2.4.2.2h Die konsep van die gemeente

Erediensgangers moet deur die liturg as God s'n gesien word – *ekklesia.* (Barth 1991:84). Predikers (liturge) moet hulle gemeentes werklik liefhê en met hulle saamleef (mééleef). Verder is sensitiwiteit en takt (wysheid) nodig met 'n aanvoeling van die regte tydstip (*kairos*) om dinge te sê en die wyse waarop dit gesê moet word (Barth 1991:84&85). Kennis en inagneming van die verskillende persoonlikheidstylvoorkeure van die erediensgangers sal dit vir liturge makliker maak om hulle roeping as predikers getrou en effektief te kan uitleef.

2.4.2.2i Die Heilige Gees as die beginpunt, kern en afsluiting van die prediking

Om God drie-enig se eie Woord te kan preek, is die liturg absoluut afhanklik van God self. Gepaste beskeidenheid en soberheid tesame met gebed is die voorwaarde vir alle prediking (Barth 1991:86). Dit is hier waar die Heilige Gees self vir ons intree met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie (vgl Romeine 8:26 NAV).

Tog, na al hierdie homiletiese elemente volstaan Barth (1991:44) met 'n dubbele definisie van homiletiek wat in 'n geslote sirkel by God begin en by God eindig en beide tegelyk gehandhaaf moet word: *"1. Preaching is the Word of God which He himself speaks, claiming for the purpose the exposition of a biblical text in free human words that are relevant to contemporaries by those who are called to do this in the church that is obedient to its commission"* en *"2. Preaching is the attempt enjoined upon the church to serve God's own Word, through one who is called thereto, by expounding a biblical text in human words and making it relevant to contemporaries in intimation of what they have to hear from God himself"* (Barth 1991:44).

Sonder om hier op verskillende kommunikasiemodelle in te gaan wat buite die gerigtheid van dié proefskrif lê, is dit in dié breë raamwerk van dialogiese kommunikasie wat ek homiletiek as die kuns én wetenskap sowel as die voorreg én verantwoordelikheid van prediking beskou. Die tradisionele gevaar bly steeds dat prediking monologiese retoriek behels, wat kommunikatief in vandag se wêreld van postmodernisme, multimedia en tegnologie glad nie meer haalbaar blyk te wees nie. Daarom sal homiletiek verder gekwalifiseer moet word, onder andere ten opsigte van die Trinitariese-, Christologiese-, Pneumatologiese- en antropologiese grondslae van homiletiek, sowel as die dialogies-kommunikatiewe- en hermeneuties-kommunikatiewe aard van die homiletiek. Dit word meer breedvoerig in Hoofstuk 3 uiteengesit.

Om te kan preek, is tog 'n kunsvorm waarin elke liturg kan en moet groei. Dit is nie bloot 'n statiese vermoë of vaardigheid wat jy aanleer en dan vir die res van jou bediening besit nie. Elke liturg klee ook nie sy/haar prediking op dieselfde manier in nie, en elke homiletiese 'kunswerk' spreek nie elke lidmaat aan nie. Tog is prediking (homiletiek) 'n wetenskap wat die voorbereiding en aanbieding van 'n boodskap in prediking navors, doseer en wil verbeter. Hierop lê die praktiese teologie as vakgebied en

instansies soos die 'Societas Homiletica' en die 'Werksgemeenskap vir Praktiese Teologie van Suid-Afrika' hulle dan ook toe.

Om nie te stagneer of in eensydigheid te verval nie, is dit noodsaaklik vir die homileet (liturg) om voortdurend te studeer en in kontak te bly met eweknieë dwarsoor die wêreld. Jantine Nierop (2007:111) verklaar ten opsigte van die 'Societas Homiletica 2006' wat in Suid-Afrika gehou is, byvoorbeeld die volgende: *"The conference provide the oppurtunity to enrich our own, particular visions on homiletics, inescapably determinded by nationality and confession. Scholars can prevent their research from becoming narrow-minded by getting in contact with colleagues from all over the world, who are doing research on the same subjects".*

Ek sou homiletiek dus in beginsel versigtig só wou definieer: Die kuns én wetenskap en die vreugde én verantwoordelikheid van prediking. Hieronder word dan ook die impak en effek van prediking op erediensgangers verstaan. In die volgende hoofstuk (3.3) word homiletiek uitvoerig onder die prakties-teologiese grondlyne bespreek.

### *2.4.3 Hermeneutiek*

Om die begrip Hermeneutiek na behore te kan definieer, is geen geringe saak nie. Die uitdaging is om 'n werkbare definisie te vind wat enersyds nie vasval in die bykans oneindige nuanses en verstaansmoontlikhede nie, maar dit andersyds ook nie só te vereenvoudig dat die gewig en waarde wat aan hierdie begrip geheg word, onderskat en afbreuk aan gedoen word nie. Ten opsigte hiervan merk Nell (2003:1) in 'n onderrigsituasie gepas op: "Bybelse hermeneutiek het te make met die storie van hoe Christene die Bybel deur die eeue gebruik, gelees, verstaan en geïnterpreteer het. Uit die aard van die saak is dit 'n lang en komplekse verhaal. Die gevaar is daar dat mens dit geheel en al kan vereenvoudig".

In Hoofstuk 3 (3.4) sal hermeneutiek breedvoerig omskryf word en in Hoofstuk 4 sal belangrike eksponente van hermeneutiek naamlik Gadamer, Habermas en Ricoeur se hermeneutiese posisies aangeraak word. Hierdie dien slegs as 'n voorlopige begripsomskrywing.

Hermeneutiek handel oor "die verstaan van die Woord, die verstaanbaar maak daarvan binne die eie kultuur en die tot verstaan kom van die mens vir wie die heil bedoel is" (Vos 1996:12). Hierdie verstaan is ook van kardinale belang in homiletiek (en liturgiek). *"Hermeneutics deal with the process of understanding. This concept is not only significant for practical theology, but is also a key and a bridging word in homiletics. Understanding means achieving insight"* (Vos 2005:298). Stark (2007:105) sluit hierby aan as sy wys op Moltmann se hermeneutiese én homiletiese invalshoek wat nou aansluit by bogenoemde onderskeidinge. Volgens Stark (2007:105) kan dié drie hermeneutiese stappe in Moltmann se teologie en sy homiletiek onderskei word: *"1 – Moltmann observes biblical perspectives; 2 – he discusses the possible meanings in confronting the biblical observations with today's reality and 3 – he explores the consequences of this confrontation, as there are implications for faith and taking action".*

Daarom deel ek Vos (1996:12) se instemming met die definisie van hermeneutiek soos deur Heitink (1990) voorgestel: "Onder hermeneutiek verstaan ek saam met Heitink die refleksie op die proses van die koms van God in sy Woord na die mens in sy situasie, waarin drie momente onderskei kan word: *die verstaan* (begryp), *die verstaanbaar maak* (verklaar) en *die tot verstaan kom* (toe-eien)" (vgl Heitink 1990:207). Hermeneutiek handel dus "oor die verstaan van die Woord, die verstaanbaar maak daarvan binne die eie kultuur en die tot verstaan kom van die mens vir wie die heil bedoel is" (Vos 1996:12).

Vos (1996:12) onderskei dus drie vlakke in die hermeneutiese proses. Aangesien die eerste vlak gaan oor die ontsyfering van die historiese betekenis van tekste in hulle konteks (Vos 1996:12), kommunikeer die

teks nog nie noodwendig met die erediensganger hier en nou nie. Daarvoor is 'n tweede vlak hermeneutiek nodig. Dit gaan hier nog bloot om die verklaring van tekste.

Die hermeneutiese proses op die tweede vlak oorbrug die hermeneutiese spanning tussen die hier en nou en die verlede: Die teks/boodskap word in eie kultuur en tyd op 'n algemene vlak verstaanbaar gemaak (Vos 1996:12). Hier gaan dit om die verstaan van tekste.

Op die derde hermeneutiese vlak, kom die mens vir wie die heil bedoel is, tot verstaan (Vos 1996:12) en eien hy/sy hom/haar dit toe. Die teks/boodskap word relevant vir die persoonlike bestaan van die mens en word persoonlik en lewensveranderend toegeëien. Hier ontmoet die homiletiek, liturgiek en hermeneutiek mekaar en dra dit by dat die Woord van God (en daarmee saam die heil van God aan die mens) hoorbaar, verstaanbaar én toepaslik gemaak word. Hier gaan dit dus om die toepassing van tekste.

Dit gebeur in die liturgiese inkleding en aanbieding van die erediens, waarvan die preek natuurlik 'n wesenlike deel uitmaak. Die homileet het die voorreg en die verantwoordelikheid om die brug te slaan tussen die Woord van God (teks) en die leef- en verstaanswêreld van die erediensganger (konteks). *"In the creation of the sermon there are a number of hermeneutic processes that take place. First of all the homiletician must enter the world of the text. What makes this so time-consuming and difficult is the fact that biblical texts were written centuries ago, hence created in a different world. The homiletician has to try to bridge this difference"* (Vos 2005:298).

Smit (2006:232) beskryf hierdie lewensveranderende ervaring so:

> Deur die eeue sou dié ervaring hom telkens herhaal... van bekendes... en onbekendes, naamloses, sommer net gewone mense, deur die eeue tot vandag nog, oor

> die hele wêreld heen: Hulle word diep geraak deur die lees van die Woord, kom tot geloof, word versterk in die geloof oor jare heen; hulle lewe word vernuwe, soms... radikaal, eenklaps en dramaties, maar dikwels ook... word hulle lewe net daagliks gedra, begeester, vertroos en versterk.

In aansluiting hierby sien Heitink (2007:240) die liturg as ‘n hermeneut wat, in my eie woorde, ’n ‘relasionele hermeneutiek’ moet beoefen. Deur die ‘oë van God’ (die lens van die Woord) en binne die verhouding met God kyk hy/sy na mense, en deur die ‘oë van mense’ (erediensgangers) kyk hy/sy verhoudingsmatig na God en die wêreld.

> *Preken vraagt een zodanig omgaan met de Schrift dat de inhoud van het woord en de ervaringswereld van de hoorder voortdurend op elkaar betrokken worden. Tijdens de voorbereiding van de preek kijkt de voorganger naar de tekst via de ogen van mensen van nu, hun leven, hun werk, hun zorgen, hun vragen én hy kijkt door de ogen van de tekst naar de mensen voor zich, vanuit de vraag welk woord de gemeente in haar geloof, haar aanvechtingen en haar wanhoop op deze zondag zou kunnen bemoedigen en inspireren.*
>
> (Heitink 2007:240)

Met relasionele hermeneutiek bedoel ek dan die verstaan van die erediensganger en die verstaan van die Woord in ’n dialogiese verhouding met God en met mekaar. *“Exegese en situasieanalyse gaan op deze wijze hand in hand”* (Heitink 2007:240). Uit die studie en my blootstelling aan die hermeneutiek wat in Hoofstuk 3 en Hoofstuk 4 aan die orde kom, is ek daarvan oortuig dat ’n relasionele hermeneutiek in beginsel ’n dialektiese sintese en balans tussen ’n meer objektiewe hermeneutiek enersyds en ’n meer subjektiewe hermeneutiek andersyds kan verskaf. Ek gaan egter nie

verder hierop in nie, aangesien dit buite die bestek of moontlikheid van hierdie proefskrif val.

Die persoonlike relasies met God en met mekaar vorm die raamwerk waarin die ontmoetingsgebeure van die erediens plaasvind en waarin die gelowiges saam voor die aangesig van God en in sy teenwoordigheid lewe. Die antropologie, Christologie en die Pneumatologie ontmoet mekaar ook in ’n relasionele hermeneutiek, wat onder andere ten opsigte van die erediens dan ook dialogies-kommunikatief is.

So ontmoet en verryk die homiletiek, liturgiek en hermeneutiek mekaar en word die kommunikatief-dialogiese hermeneutiek ‘n praktiese (relasionele) hermeneutiek wat deur alle gelowiges, met elkeen se unieke persoonlikheid, beoefen word. “Dit is die ervaring van die kerk van alle eeue en alle plekke. Deur die Bybel, deur Gods Woord, deur die lees daarvan, die hoor daarvan, die nadenke daaroor, die gesprekke daaroor met vriende en familie, deur die vertellinge hoe dit ander se lewe getroos en besiel en versterk het, word mense aangeraak. Deur die Woord hoor ons God se Woord” (Smit 2006:232&233).

## 2.5 Uitdagings

Onder uitdagings word die hermeneutiese eise, liturgiese verwagtings en homiletiese uitdagings wat aan die liturg gestel word, naamlik om in die erediens die heil van God aan die volle spektrum van mense met alle moontlike persoonlikheidstyle te kan kommunikeer en effektief te bemiddel, verstaan.

Dit kan aangeleerde verdraagsaamheid, homiletiese sensitiwiteit, spesifieke liturgiese optrede en -benaderings en hermeneutiese begrip vir die behoeftes en persoonlikheidstyle van ander erediensgangers (gemeentelede sowel as hulle kollegas) insluit. Dié uitdagings is die eindresultaat waarby hierdie proefskrif wil uitkom; om te kan uitspel watter uitdagings en eise aan die liturg gestel word om erediensgangers van al

sestien MBTI® Persoonlikheidstylvoorkeure effektief in die erediens te kan aanspreek en inskakel.

## 2.6 Liturg

Die rol en prioriteit van die predikant as liturg is van onskatbare belang in gemeentewees. Later word in Hoofstuk 5 verwys na verskeie verwagtinge wat aan ’n predikant gestel kan word, maar dat die publieke verwagting ten opsigte van die prediker om liturg te wees, die mees kritiese verwagting is. ‘Liturgwees’ lê immers in die hart van predikantwees, al is ’n predikant se roeping en verantwoordelikheid veel wyer as dit. Heitink (2007:231) beskou dit ook as die belangrikste prioriteit van predikantwees: *“Predikanten zijn in de eerste plaats voorgangers in liturgie en verkondiging. Dit is hun corebusiness”.*

Al is ‘liturg’ ‘n meer onbekende begrip as die begrip predikant of prediker, word in hierdie proefskrif ‘n keuse gemaak ten gunste van die begrip ‘liturg’, om sodoende iets daarvan aan te toon dat ‘n liturg verantwoordelik is vir die fasilitering van die totale omvattende erediensgebeure, en nie net vir die prediking of preekgebeure nie. Tog word ek soms genoop om weens aanhalings of woordspelings van die wisselterme ‘predikant’ of ‘prediker’ of ‘homileet’ en ‘hermeneut’ gebruik te maak. Natuurlik sou ‘liturg’ baie wyd omskryf kon word, deur enige persoon wat ’n erediens hanteer, as ’n liturg te definieer. Dit sou onder andere ook teologiese studente, proponente, leraars en pastore van ander denominasies en (natuurlik) teologiese professore en -lektore kan insluit.

In sy referaat *Die prediker en die preekgebeure* sluit ds. HJP Venter (1985:56) ten opsigte hiervan hierby aan: “Wanneer ons die prediking en veral die prediker prakties-teologies benader, is die uitgangspunt nie in die eerste plek om uit die Bybel ’n definisie te probeer saamstel van ’n prediker en dan in die praktyk te gaan kyk wie hiervolgens kwalifiseer as predikers nie, maar eerder om die bekende fenomeen nl. die prediker soos hy in die praktyk aangetref word, te omskryf”.

Bogenoemde bepleit 'n baie wye definisie vir liturg (prediker). Vir die eenvoud en afbakening van hierdie proefskrif, word egter volstaan met 'n enger maar ook 'n praktiese definisie van liturg. Dit is belangrik om daarop te let dat liturg nie net na 'n funksie verwys nie, maar ook na 'n spesifieke persoon(e). Vos en Pieterse (1997:22) impliseer iets hiervan: "Die 'persoon van die liturg' speel dus 'n groot rol in die atmosfeer wat in die diens en in die gemeente geskep word – 'n atmosfeer van 'n verhoudings- en 'n persoonsgerigte bediening". Karl Barth (1991) gebruik die begrip 'oorspronklikheid' in dié verband. *"It is as the persons they are that preachers are called to this task, as these specific people with their own characteristics and histories. It is as the persons they are that they have been selected and called. This is what is meant by originality"* (Barth 1991:81).

Die implikasie hiervan is dat die persoon van die liturg, maar ook 'n persoonlike aanpak wat pas by die liturg se persoonlikheidstyl in die liturgie en prediking in ag geneem moet word en in spel moet kom. *"De persoon van de predikant is in de verkondiging van wezenlijk belang. Een preek is meer dan overdracht van kennis maar is veeleer, naar het Griekse 'homilia', een gesprek. Daarbij gaat het uiteraard persoonlijk toe"* (Oskamp & Geel 1999:109).

Die liturg (homileet) is op voetspoor van Jesus en sy dissipels 'n aankondiger en draer van hoop. *"Every preacher in the New Testament, including Jesus and his disciples, preached the language of hope"* (Gnanavaram 2007:216). Malan Nel (2001:23&27) praat in hierdie verband Christologies van die persoonwees van die liturg as ontwikkellende mens en Pneumatologies van die persoonlikheid van die liturg as gawe. Die voorafgaande verhandeling (Steyn 2004) was dan juis 'n ondersoek in dié verband na die invloed van die liturg se persoonlikheid op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens.

Met liturg word dan ŉ geordende predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat 'n erediens waarneem, bedoel. Ek bou hier voort op my standpunt in die voorafgaande verhandeling: "Daar is twee redes hiervoor: 1 – Geordende predikante ken hulself en preekstyl (hopelik) al beter as voorheen, en 2 – die ondersoek sal andersins heeltemal te omvattend wees. Ek is egter tog van mening dat die resultate van die ondersoek vir enige liturg, in die wyer of enger sin van die woord, van waarde sal wees" (Steyn 2004:16).

## 2.7 Eredienste

### *2.7.1 Erediens*

Met ŉ erediens word die normale ontmoetingsgebeure tussen God en sy gemeente in al sy vorme en variasies, soos wat dit elke Sondag in die Ned. Geref. Kerk en haar gemeentes plaasvind, bedoel. Al is dit ŉ gereelde samekoms (in struktuur en frekwensie) bly dit altyd ŉ merkwaardige en kosbare gebeurtenis:

> So gewoon as wat dit is, mag nooit uit die oog verloor word nie dat ŉ erediens ŉ merkwaardige gebeurtenis is. Dit beteken niks minder nie as dat die gemeente in gehoorsaamheid aan God se opdrag luisterend en aanbiddend saamkom om 'n ontmoeting met God te soek. Waar hierdie ontmoeting ŉ werklikheid word, word die mens in die kern van sy wese geraak en word die lewe nuut. Daarom kan die kerkgangers telkens weer vanuit die erediens die gewone lewe tegemoetgaan as mense wat in die teenwoordigheid van God verkeer het en daarom as veranderde en toegeruste mense die eise van die lewe op ŉ nuwe manier die hoof kan bied.
>
> (Smuts 1988:v)

Die wese van die erediens kan deur verskillende woorde verduidelik word. Begrippe soos samekoms, die samekoms in God se Naam, ontmoeting, diens, aanbidding, gemeenskap, viering en verwagting kom hiervoor in aanmerking (Vos en Pieterse 1997:53). Vos en Pieterse (1997:2) definieer die erediens as 'n dialektiese ontmoetingsgebeure tussen die drie-enige God en die mens waarin God die mens dien en die mens God dien, alles tot eer van God:

> Die woord 'erediens' beskryf die wesenlike van die gebeure waarin God en mens mekaar ontmoet, duidelik. Die gerigtheid van die hele erediens op God se eer kom in dié woord kristalhelder na vore. Hierdie term fokus op die diens van God aan die mens. Dit is hierdie heilsdiens van God in Christus deur die Heilige Gees wat die mens in staat stel om God te eer en te verheerlik. In die liturgie moet die heilsdiens van God steeds gevier word. 'n Verdere fokuspunt van die term 'erediens' is die diens van mense aan God. Dit gaan inderdaad in die erediens om Godsdiens.
>
> (Vos en Pieterse 1997:2)

Die erediens is 'n openbare ontmoeting tussen God en gemeente en God en mens (individu), tussen mens en gemeente en mens en mens (individue) en ook tussen die gemeente en die wêreld én die individu en die wêreld. Hierdie ontmoetingsgebeure vind plaas in die vorm van 'n gesprek – 'n dialoog (Vos & Pieterse 1997:7). Vos en Pieterse (1997:7) verwoord dit so: "Die Protestantse erediens het 'n dialogiese grondstruktuur. Dit beteken dat God in die erediens spreek en dat die gemeente antwoord".

Dit is belangrik om daarop te let dat die liturg (homileet) in hierdie dialoog slegs instrumentaal en funksioneel optree. Die dialoog is 'n gesprek, 'n ontmoeting tussen God en sy gemeente wat deur die liturg gefasiliteer

word. Hoewel hy/sy deel uitmaak van die gemeente, mag 'n prediker (of sy persoonlikheid of omstandighede) daarom nooit self die liturgiese norm vir die erediens of een van die pole in hierdie bipolêre dialoog wees nie. *"Preaching should not be the preacher's ideas stimulated by the prod of a text, or human reflections about God and life. Preaching does not imply searching around in one's personal religious insights for some kind of contemporary message that one thinks people need"* (De Klerk 2007:185).

Dit is trouens God wat in hierdie gesprek die inisiatief neem en met sy kinders praat. Daarom is prediking altyd Godsopenbaring, al vat dit ook grond in die totale konteks van die hoorder. *"Christian preaching, when it is faithful to the Word of God in the Scriptures, should point to God Himself speaking to the community of believers"* (De Klerk 2007:185).

Gadamer (1975 & 1979) maak baie van die dialogiese vraag-en-antwoord dialektiek in hermeneutiek. Die proefskrif fokus verder juis op hierdie waarheid dat erediensgangers kollektief as volk van God, maar ook individueel in 'n erediens aangespreek (moet) word. In aansluiting by die dialogiese (relasionele) aard van die erediens, definieer Oskamp en Schuman (1998:71) erediens so: *"Eredienst is een reële ontmoeting tussen de mens als lid der gemeente en God, op grond van Gods komen tot de mens, in prediking, sacrament en gebed".*

Heitink (2007:228) sluit hierby aan: *"Het gaat hierin om heel het gebeuren dat zich in het samenkomen tussen God en mens en tussen mensen onderling voltrekt en dat als heilzaam ervaren wordt".* Noordmans (1939:158) verwys in hierdie verband na twee verskillende vlakke wat mekaar, die een vertikaal en die ander horisontaal, kruis. Die dialoog wat tussen God en mens en mens en mens dus ook in die erediens plaasvind. Hierin is die koms en teenwoordigheid van God deur sy Woord in die vorm van *kerugma*, *didache* en *paraklese* van kardinale belang (Heitink 2007:228).

As openbare ontmoeting kan die erediens volgens Vos en Pieterse (1997:8&9) verder, behalwe deur ‘n dialoog (gesprek), ook deur diens (deur en aan God), plek van gemeenskap (met God en mekaar), viering van die heil, aanbidding, eskatologiese voorspel en ‘n handelingsruimte omskryf word. Noordmans (1939) wat liturgie as baie wyd en omvattend sien – as Christus se middelaarswerk en Paulus se sendingwerk asook die owerheid se goddelike taak – sien die erediens as die resultaat (uitvloeisel en fokuspunt) van Christus se middelaarswerk en Paulus se wêreldomvattende liturgie (Noordmans 1939:158). Die erediens is dus die viering van die heil en die kern van die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus.

In terme van die viering van die heil, is die erediens ‘n doelbewuste en doelgerigte feesviering. ‘n Viering wat in teenstelling met die alledaagse amper outomatiese verloop van die lewe, goed bedink en beplan moet word. Paul Post (2001:172) wys in dié verband op die teenstelling tussen die daaglikse gang van die lewe en (per implikasie) die erediens: *“Terwijl in de cadans van het dagelijkse leven het ongestructureerde, het toeval en het onberekenbare heersen waarbij een houding van zorg, alertheid en bezwering past, bestaat het feeste bij de gratie van het vastgelegde, het beplande, het niet-toevallige”.*

Die aard en atmosfeer van die erediens (as fees) is dus anders as die normale sleurgang van die lewe. Die daaglikse bestaan is ‘n stryd om oorlewing, terwyl daar in die erediens ‘n ‘utopiese volheid’ heers. Waar werk, stryd, soek, tekort en gebrek ons daaglikse bestaan kenmerk, word die fees (erediens) gestempel deur vrede, voldoening en rus (Post 2001:172). So word die erediens ook ‘n plek én tyd van rus en vrede en moet die erediens ook saam met die feesviering ‘n rusplek vir erediensgangers wees.

Belangrike elemente wat ŉ erediens bepaal, is onder meer Godgerigtheid, ŉ gereelde bymekaarkom van gelowiges, ŉ ontmoeting van God met sy kinders en hulle dankbare en gehoorsame reaksie daarop, ŉ spesifieke

struktuur en gang in die verloop van die erediens én aktiewe deelname van die erediensgangers. In eredienste gaan dit dus oor gelowiges se gereelde gesamentlike viering van God se heil in God se teenwoordigheid, wat (in aansluiting by die homiletiese rimpeleffek) vanselfsprekend moet uitloop op 'n daaglikse *Coram Deo* lewe.

Verskillende woorde vir erediens word deur Barnard (1985) aangedui onder andere *Leitourgia, Latreia, Threskeia, Sebesthai en samekoms (Synagesthai).* Erediens is egter steeds die mees geskikte begrip om die weeklikse dinamiese ontmoetingsgebeure tussen God en mens te verwoord. Hiermee is Barnard (1985:58&59) dit eens: “Die woord ‘erediens’ is ook baie geskik om uit te druk wat bedoel word as die Christene gesamentlik God in die openbaar eer en verheerlik… Die woord ‘erediens’ word egter algemeen gebruik vandag en wel in die sin van samekoms”. ‘Samekoms’ is volgens Vos en Pieterse (1997:6) ook 'n sinvolle beskrywing van die erediens omdat die Christelike gemeente in die Naam en teenwoordigheid van die drie-enige God saamkom.

In ‘n sin lê die erediens in die kern van reformatoriese en protestantse teologie. “Die erediens is dus die hart van die lewe van die gemeente. Die hele lewe van die gemeente is soos spinnedrade in ‘n netwerk van verhoudinge verbind aan die sentrale punt – die erediens op Sondag” (Vos & Pieterse 1997:16). Die metodiek en dinamiek van die erediens word in die literatuur dikwels deur die vakgebied liturgiek en die naamwoord liturgie saamgevat. Daarom word die begrippe ‘liturgie’ en ‘liturgiek’ asook die verwante begrip ‘liturgiewetenskap’ verder omskryf.

### *2.7.2 Liturgie, liturgiek en liturgiewetenskap*

In hierdie onderafdeling word liturgie, liturgiek en die liturgiewetenskap kortliks aangeraak, sonder om ‘n uitvoerige epistemologiese of historiese uiteensetting daarvan te verskaf, wat buite die bedoeling van hierdie proefskrif sou val.

2.7.2.1 Liturgie

Liturgie en liturgiek is afgelei van die Griekse woord waarna vroeër in verband met die erediens verwys is, naamlik *Leitourgia*. "Hiermee word die dienswerk van die volk (*leitos*, *laos*) aangedui" (Vos en Pieterse 1997:4). Volgens Vos en Pieterse (1997:4&5) was 'liturgie' aanvanklik 'n polities-staatsregtelike begrip wat mettertyd 'n kultiese inslag verkry het en so verskuif het van die paleis (diens deur en aan die koning) na die tempel (diens deur en aan God) (vgl Noordmans 1939:20). *"De Septuagint gebruikt het woord in verband met den Joodschen tempeldienst en zo komt het ook wel voor in het Nieuwe Testament"* (Noordmans 1939:20).

In die Nuwe Testament verwys *leitourgia* volgens Vos en Pieterse (1997:5) na die Ou-Testamentiese tempeldiens, 'n persoonlike liefdesdiens aan mense, diens aan Christus en 'n samekoms van die dissipels om te bid. Die kern van liturgie en liturgiek, trouens van die hele erediens is om God te loof. Van Ruler (1970:34) sien dit as die diepste taak en wese van die erediens en die liturgie: *"De kerkdienst, de liturgie is in haar kern de volbrenging van de arbeid van de lofprijzing".* Hierby sluit Steyn (1991:131) aan: "Die woord 'erediens' sê dit eintlik al klaar... Dit is 'n diens van verheerliking aan die Here".

'Liturgie' omskryf volgens Vos en Pieterse (1997:6) die handelinge in die erediens, hoewel 'erediens' en 'samekoms' in die kerklike omgangstaal meer inslag gevind het. Liturgie sou dus ook as 'n allesomvattende term wat die erediensgebeure betref, beskou kan word. Hierby sluit Barnard (1985:52) aan:

> Die liturgie omvat al die woorde en handelinge van die volle erediens, met insluiting van die preek (nie die inhoud van die prediking nie) en die nagmaal, sowel as ander handelinge soos die doop, die openbare belydenis van geloof, die bevestiging van ampsdraers, ook van ander dienste soos gebedsdienste, Bybelstudie deur die

> gemeente, huweliks- en begrafnisdienste; dan ook die fundering en vormgewing van die erediens, die gebede, liturgiese formuliere, die kerklied, die geskiedenis van die erediens, die verskillende elemente van die erediens afsonderlik en in samehang; die kerklike jaar, die kerkgebou, die kerklike kleed, die hele dinamiek van die erediens en soos dit in lewende wisselwerking staan tot die daaglikse godsdiens en die daaglikse lewe.

H Jonker (1978:45) bied ’n omvattende definisie vir liturgie aan:

> *Onder liturgie zouden wij daarom willen verstaan een ordening van de samekomst van de gemeente, waarin de dynamiek van het Woord Gods plaats vind en waarin de gemeente in de gelegenheid gesteld wordt op de dynamiek van het Woord Gods te reageren in schuldbelijdenis, aanbidding, lofprijzing, deelname aan het heil (sacramenten), gemeenschap, offerande en dienstbetoon in en buiten de samenkomst. En dat alles in levende verbondenheid met de traditie der Kerk.*

2.7.2.2 Liturgie as ’n kreatiewe en dinamiese proses

’n Belangrike aanvulling by die definisie van liturgie, is dat die liturgie ’n kreatiewe proses is (Vos 2005:357). Die liturgie is die eindresultaat van ’n verbeeldingryke pad en ’n kreatiewe kunswerk wat met groot sorg tot eer van God en tot diens aan die erediensganger geskep is. Die liturg skep ’n liturgie wat met handskoene hanteer moet word omdat dit so delikaat en broos is (Vos 2005:357). En dan is daar nog steeds geen waarborg dat dit nie in die praktyk sal verkrummel nie. *“Even if the liturgy has been carefully shaped in advance, it can shatter in the heat of the moment, when the congregation comes together in the flesh. The hallmark of the liturgy is that, regardless of how carefully it has been created, there is no guarantee of an inspirational service”* (Vos 2005:357).

Liturgie moet verder as ‘n lewende dinamiese gebeure beleef word, en dit is die taak van die liturg om lewe in die liturgie te blaas, natuurlik saam met die groot Liturg die Heilige Gees. Vos (2005:357) gebruik hier die metafoor (gedig) van ’n glasblaser wat kunstig ’n vaas skep. *“The liturgist needs to remove every possible flaw and meticulously remove the ‘bubbles’ that could mar the beauty of the liturgy”.* Die liturgie moet ‘n pragtige kunswerk in die oë van die gemeente en van God wees; nie ’n vaas nie, maar ’n kelk waaruit die gemeente die heil van God kan ontvang en die kelk kan oplig in ’n ‘heildronk’ op die drie-enige God wat vir Hom aanneemlik is (Vos 2005:357).

2.7.2.3 Liturgiek

Barnard (1985:52) bied ’n goeie definisie vir liturgiek aan:

> Liturgiek is die wetenskap van die liturgie. Dit is die leer van die erediens in sy volledigheid, wat op wetenskaplike wyse sistematies die wese, inhoud en inrigting van die volledige erediens van die Christelike gemeente, en alles wat daarmee saamhang, bestudeer uit die Skrif, uit die bronne van die geskiedenis en soos dit in die konkrete lewe vandag plaasvind en moet plaasvind.

Met liturgie word in kort dus die samehang, orde, rasionaal en praktyk van die erediens bedoel, en die liturgiek is die wetenskaplike ondersoek, beredenering, skoling in en ordening van die gebeure in die erediens. In hierdie liturgie en besinning daarvan aanvaar die liturg nie alleen liturgiese verantwoordelikheid vir die heilsoordrag van die boodskap, die hele erediens en die eredienskgangers nie, maar aanvaar hy/sy ook die ‘liturgiese uitdaging’ om die Evangelieboodskap deur en in die totale liturgie van ’n erediens te bemiddel. Hierin het die eredienskgangers ook ’n verantwoordelikheid.

In dié verband tref die bekende moderne liturg Marcel Barnard (1998:91) op voetspoor van Guardini 'n fyner tegniese onderskeid tussen liturgiek en die liturgiewetenskap: *"Guardini beschouwt de liturgiewetenschap als de fundamentele systematische wetenschap waarbij de liturgiek als tot de praktische teologie behorende discipline, zich bezighoudt met de toepassing daarvan".* Hiervolgens is liturgiek dus die praktiese toepassing van die teoretiese liturgiewetenskap.

2.7.2.4 Liturgiewetenskap

Verder onderskei Barnard (2000:19) vier verskillende benaderings in die liturgiewetenskap naamlik 'n antropologiese-, 'n sistematiese-, 'n historiese- en 'n Bybels-teologiese benadering. Die antropologiese benadering gaan oor simboliek en rituele terwyl die sistematiese benadering op die dinamiese wisselwerking tussen geloofsinhoud en liturgie fokus. Die historiese benadering doen historiese ondersoek na bronne en tradisies, terwyl die Bybels-teologiese benadering die Bybelse inhoud teologies navors (Barnard 2000:19).

Barnard (2000:19) sien die liturgie(wetenskap) as die *"wetenschap van christelijke riten en symbolen die behalve theologische ook culturelen en antropologische methoden hanteert".*

Dus kan liturgiek as 'n spesifieke vakgebied in praktiese teologie gesien word, terwyl die liturgiewetenskap 'n breër interdissiplinêre benadering verteenwoordig. Dit is die fyner onderskeid wat volgens Heitink (2004:83) ten minste aan die Vrije Universiteit gehandhaaf word. Dit is egter 'n tegniese onderskeid wat al die vakgebiede van die praktiese teologie in beginsel onderlê, en soos reeds aangetoon, ook hierdie proefskrif raak. "*De liturgiek heeft wel specifiek een object van onderzoek, de christelijke liturgie, maar vraagt in feite een interdisciplinaire bestudering. In dit verband merk ik op dat dit tot op grootte hoogte voor alle gebieden van de praktische theologie geldt... Zo maakt byvoorbeeld de homiletiek gebruik van de retorica, het pastoraat van het psychologie..."* (Heitink 2004:83).

Dit is ’n interessante en fyn onderskeid wat Barnard (1998) en die Vrije Universiteit tref, maar die teorie en praktyk ontmoet mekaar juis in die praktiese teologie wat beide aspekte moet integreer. Daarom stem ek vir die doeleindes van die proefskrif saam met Heitink (2004:82): *“Deze vier benaderingen hebben ieder hun eigen recht. Voor mijn besef kunnen ze alle vier onderdeel uitmaken van een praktisch-theologische invulling van de liturgiek”.* Vir die doeleindes van die proefskrif neem ek dus kennis van hierdie tegniese onderskeidinge, maar sien ek liturgiek as die wetenskap van die liturgie, met al sy teoretiese én praktiese implikasies. Vir ‘n verdere omvattende besinning oor die liturgiek en/of die geskiedenis daarvan, kan die leser gerus Heitink (2004 & 2007) en Barnard (1998, 2000, 2001 & 2006) raadpleeg. Dit lê nie binne die bestek of moontlikheid van hierdie proefskrif om verder in dié lyne hierop in te gaan nie.

2.7.2.5 Liturgiese sensitiwiteit en verantwoordelikheid

Twee aspekte wat nou aansluit by liturgie en die liturgiek, is die liturgiese situasie en die aanvaarding van liturgiese verantwoordelikheid. *“The liturgical tradition has both a hermeneutical and a communicative side to it. The homiletician must be liturgically sensitive… The homiletician also has a liturgical responsibility”* (Vos 2005:297). Die hermeneuties-kommunikatiewe aard van ’n boodskap en erediens vereis dus dat die prediker liturgies sensitief sal wees vir die funksionering, werking en tradisie van die liturgie én dat die homileet liturgies verantwoordelikheid sal aanvaar. *“This means that he/she must have knowledge of, and insight into, the liturgical tradition, the power of the liturgy and how it functions... To fulfill this responsibility, he/she and those attending the divine service must learn to discover and experience the meaning of each liturgical action”* (Vos 2005:297). Ook die erediensgangers moet dus deur die liturg in die geheimenisse en wonders van die liturgie ingelei word.

Deel van hierdie liturgiese (en homiletiese) verantwoordelikheid van die liturg is dat hy/sy die (sondige) geneigdheid van ’n groep wat aan mekaar

verbonde is (die geloofsgemeenskap in dié geval) om selfgerig en narcisties te raak, liturgies sal verreken en sal aanspreek. *"Liturgy establishes the congregation as a group by greetings, common listening, singing and prayer. Groups are known to easily turn into narcissistic circles, by focusing on outer enemies, their founding fathers or their coming messiah, who – in due time – will bring them to glory in the world"* (Lindhardt 2007:125). As teenvoeter vir hierdie gevaar moet die liturg (homileet) erediensgangers bewus maak van die groter sin en identiteit van die geloofsgemeenskap en van die makrokonteks waarvan die geloofsgemeenskap ook deel is. Ook die visioenering en roeping van die kerk om (ook in prediking en erediens) vreemdelinge te ontvang en in te burger, moet beklemtoon word.

Die kerk (en die erediens) moet dus 'n veilige toevlugsoord vir die 'vreemdelinge' in die samelewing wees. Lindhardt (2007:125) verwoord iets hiervan: *"Liturgy dissolves the narcissistic circle by expecting and welcoming the coming of the stranger, who reveals life in God as a cover or shelter for shame".* Dit sluit natuurlik ook aan by die belangrike ekklesiologiese beginsel van die toeganklikheid van die kerk en die uitdaging waarin die kerk haar bevind om die gemeenskap te trek, aan te spreek en te dien in die Naam van Jesus Christus.

Die kerk sal moet besef dat dit om die koninkryk van God gaan wat die wêreld só liefgehad het..., en sal liturgies en homileties moet erns maak met die betekenis van *"'Ubi Christus, ibi ecclesia', Waar Christus is – daar is kerk"* waarna Heitink (2007:334) verwys. Vreemdelinge is dus nie nét mense wat 'n toevlug soek nie, maar ook mense by wie ons God kan ontmoet. Dit beteken dat daar geestelik 'n dialektiese verryking tussen kerk (geloofsgemeenskap) en gemeenskap (samelewing) kan plaasvind. Die liturg en erediensgangers moet dan ook hierdie toeganklikheid, koninkryksgerigtheid en leerbaarheid nastreef en in die liturgie weerspieël.

### 2.7.2.6 Liturgiese elemente

Ter wille van die studie van die proefskrif en sonder om elke element toe te lig of te verduidelik, verstaan ek onder liturgiese elemente die basiese liturgiese elemente van ’n erediens soos vervat in die nuutste *Handleiding vir die Erediens* (2007:4). Ek verkies die basiese liturgie van die nuwe *Handleiding vir die Erediens* bo dié van die vorige *Handboek vir die Erediens* (1988) aangesien daar enkele elemente in die nuwe handleiding is wat meer moontlikhede vir variasie verskaf, soos byvoorbeeld die element van ‘stilte’. Hierdie moontlikhede verskaf ’n breër raamwerk vir die liturgie en sal die verskillende persoonlikheidstylvoorkeure waarskynlik beter of meer omvattend kan aanspreek. Hieronder word ‘n twintigtal liturgiese elemente wat in die erediensinkleding en die liturgiese inrigting daarvan ten opsigte van die verskillende persoonlikheidstylvoorkeure in ag geneem sal kan word, genoem.

Die Votum (Aanvangswoord); Die Seëngroet; Lof en aanbidding (sang); Stilte; Die Wet; Skuldbelydenis; Genadeverkondiging (en/of retensie); Verbintenis of toewyding; Geloofsbelydenis; Skriflesing; Prediking; Gebede; Vredesgroet; Sakramente (Doop en Nagmaal); Bevestiging van gemeenteleiers; Openbare belydenis van geloof; Getuienisse; Offergawes; Aankondigings en Seën.

Daar is sekerlik nog baie meer elemente of tipes eredienste, afhangende van die kerklike tradisie waarin die liturg staan, wat verreken sou kon word. Hierbo is in aansluiting by die omskrywing van die erediens (2.7.1) slegs na die ‘normale’ liturgiese eredienspraktyk verwys. Ook by geleentheidseredienste soos huweliksbevestigings, begrafnisse en ander erediensvieringe soos byvoorbeeld die Geloftedagviering, moet die persoonlikhede van die erediensgangers (gaste of roubeklaers) in ag geneem word. Elke liturg (homileet) kan die lys van liturgiese elemente na willekeur uit eie ervaring, tradisie of insig aanvul.

2.7.2.7 Liturgiese beweging en ontwikkeling

Barnard (2006) en Heitink (2007) maak melding van 'n liturgiese beweging waarvan die liturg en homileet sal moet kennis neem. Sonder om histories in diepte hierop in te gaan wil ek graag enkele lyne, belangrik vir die verstaan van die liturgie, hier deurgee. Liturgie is nie 'n staties onveranderlike saak wat deur die eeue heen dieselfde gebly het nie, maar eerder 'n dinamiese saak wat steeds groei, aanpas en verander en wat voortdurend die eise van die kultuur van die tyd moet ontmoet.

Marcel Barnard (2006:21-31) beskryf dan in sy boek *Liturgie voorbij de Liturgische Beweging* aan die hand van Paul Oskamp se insigte iets van hierdie beweging (ontwikkeling) in die liturgie van die afgelope vyftig jaar. Hieruit konkludeer hy dat liturgie en liturgiek in krisis is en voortdurend aan antropologiese verandering (vernuwing) onderwerp word. *"Liturgie is principieel liturgie in de crisis geworden; de context en de mensen in de context zijn beslissend voor de liturgische vormen die ontstaan. Een normatieve, vaste liturgische vorm is niet meer dominant. We zijn de Liturgische Beweging voorbij"* (Barnard 2006:31). Hierdie krisis veroorsaak dus 'n heterogene pluraliteit van liturgiese moontlikhede.

*2.7.2.7a Liturgiese Beweging en laat-moderne liturgiese vernuwing*

Barnard (2006:33-43) onderskei en vergelyk die aard van die 'Liturgiese Beweging' van en met die aard van die 'Laat-moderne liturgiese Vernuwingsbeweging' (Barnard 2006:44-74). Heitink (2007:232) sluit in hierdie verband by Barnard aan en praat van die verskillende liturgiese bewegings as enersyds die 'Liturgiese Beweging' en andersyds die 'Evangeliese Beweging'.

Die Liturgiese Beweging sluit volgens Heitink (2007:232&233) aan by die positivistiese modernisme, terwyl die Evangeliese Beweging(s) (Barnard se *laat-moderne liturgische vernieuwingsbewegingen*) eerder by die postmodernisme aansluiting vind. Volgens Heitink (2007:233) wys

Barnard daarop dat *"de code van de evangelische beweging veel beter aansluit bij deze veranderende cultuur"* (vgl Barnard 2006:75&76). Tog verkies Barnard (2006:62&63) eerder die term laat-modern as postmodern omdat hy daarmee die kontuïniteit tussen die vorige tydvak (modernisme) en die laat-modernisme wil aandui en waarskynlik nie wil vasval in 'n (futiele) vergelyking van tydvakke nie. Hy poog dus om ook (amper soos Ricoeur op hermeneutiese vlak) liturgiese kontuïniteit te behou. Dit is 'n belangrike beklemtoning in die hedendaagse liturgie en die praktiese teologie – om nie reaksionêr te werk te gaan nie, maar eerder dialekties.

Sonder om die twee bewegings in besonderhede uiteen te sit, met mekaar te vergelyk of verteenwoordigende eksponente daarvan te bespreek, slegs enkele tiperende opmerkings ter wille van die verstaan van die kontekste waarbinne liturgie beweeg, aanpas en verander.

##### *2.7.2.7b Die pragmatiese, semantiese en sintaktiese kodes van die Liturgiese Beweging*

Barnard (2006:33-43) verwys na die Liturgiese Beweging met sy vaste orde, vorme en tradisies wat tot op 'n punt verbasende sukses behaal het en baie populêr was. Die Liturgiese Beweging is (was) nou verbonde aan die modernisme en moderniteit en vind positief aansluiting by die meer 'natuurwetenskaplike" moderne dissiplines soos die argeologie, filologie en die kritiese geskiedeniswetenskap (Barnard 2006:34; vgl Heitink 2007:232). Tog poog die Liturgiese Beweging om 'n eie en unieke posisie in te neem teenoor die krisis van die moderne tyd en staan die Liturgiese Beweging negatief teenoor die musiek, kuns en estetika van die moderniteit en grens die beweging hom af teenoor die modernisme deur eiesoortige pragmatiese-, semantiese- en sintaktiese kodes te ontwikkel (Barnard 2006:35; vgl Heitink 2007:233).

Ten opsigte van die pragmatiese kodes ontwikkel die Liturgiese Beweging algaande 'n al meer pragmatiese inslag waarin dit wat prakties moontlik

en haalbaar is (byvoorbeeld die frekwensie van die nagmaalviering) algaande die norm word (Barnard 2006:36&37).

Ten opsigte van die semantiese kodes ontwikkel die Liturgiese Beweging algaande semantiese velde wat teen die moderniteit reageer. So ontstaan ’n konfessionele ‘gemeenskaplikheid’ uit reaksie teenoor die modernisme se klem op ‘bewussyn’ (Barnard 2006:36&37). Verder, na aanleiding van die afstand (*detachment*) van die rasionalistiese klem van die modernisme (kritiese rede), ontstaan ’n liturgiese (kerklike) vorm van *detachment* naamlik ‘geloof en belydenis’ (Barnard 2006:37&38). Teenoor die meer objektiewe ‘observasie’ wat die modernisme as posisie inneem, stel die Liturgiese Beweging eerder ’n meer subjektiewe deelname (*participatie*). Hierdie spanning lê in die hart van die hermeneutiese vraagstuk en wisselwerking tussen deelname (*participation*) en distansiëring (*distanciation*) wat later in Hoofstuk 4 veral by Gadamer se ‘horisonversmelting’ ter sprake kom.

Die Liturgiese Beweging stel homself ook op sintaktiese vlak teenoor die moderniteit met laasgenoemde se klem op die onsekerheid van die epistemologie en die bevraagtekening dus van tekste. Hierdie kritiese, skeptiese ingesteldheid van die modernisme word deur die kerk (liturgie) beantwoord met sintaktiese kodes van die sakrale, irrasionele misterie van die geloof en geloofspraktyke (Barnard 2006:38&39). Deur die jare is hierdie uitgangspunte van die Liturgiese Beweging al meer verfyn met verbasende sukses, wat moontlik toegeskryf kan word aan die soeke na balans en die regstelling van die rasionele eensydigheid van die Verligting en die modernisme.

*2.7.2.7c Die kodering van die laat-moderne liturgiese vernuwing*

Net soos die tydgees (modernisme/postmodernisme) wat in Hoofstuk 5 bespreek word, algaande onder druk gekom het (en steeds kom), het die Liturgiese Beweging al meer in gedrang gekom en word dit langsamerhand uitgeskuif deur die Evangeliese Beweging(s) – die *laat-*

*moderne liturgische vernieuwingsbewegingen* in Barnard (2006:44-74) se woorde (vgl Heitink 2007:232-234). Let op dat hierdie, in aansluiting by die postmoderne tydgees, nie 'n enkele verenigde beweging is nie, maar baie eksponente en vorme het. Tog kan sekere kenmerke hierin onderskei word:

Groter klem word op die missionale karakter van die kerk geplaas wat nie meer noodwendig die liturgiese gemeenskaplikheid in die erediens nodig het nie (Barnard 2006:45). 'n Groter behoefte aan belewenis, kleingroepe en netwerke ontstaan by gelowiges. In hierdie verband kan die leser hom-/ haarself gerus vergewis van die nuwe ontwikkelinge ten opsigte van die Missionale- en *Emerging* Kerke (Barnard 2006:45&46). 'n Plaaslike eksponent hiervan vind ons byvoorbeeld in die Suid-Afrikaanse Vennootskap van die Gestuurde Gemeentes (SAVGG). In hierdie nuwe liturgiese bewegings word individue nie soseer aan 'n gemeenskaplike geloofsgemeenskap gekoppel nie, maar eerder as individue met mekaar in 'netwerke' gekoppel.

Die tegnologiese kommunikatiewe veranderinge van die postmoderne tyd speel ook hierin 'n rol. Elektroniese en virtuele kommunikasie en massamedia vervang en bedreig selfs die geskrewe woord. Klem word nou liturgies op videos (DVD's), dataprojeksie, visuele uitbeeldings, die internet, foto's en lig- en klanktegnologie geplaas (Barnard 2006:48&49). Hermeneutiese betekenis lê nou nie meer soseer in woorde en tekste nie, maar in belewenisse en ervarings. Dit lei 'n heel nuwe veld (terrein) van hermeneutiese worsteling en -vraagstukke in.

Ook die orde en elemente van die liturgie kom onder druk. In plaas van 'n vaste orde en spesifieke elemente, val die klem nou eerder op spontaneïteit en belewenis. In 'n erediens word eerstens op (belewenisgerigte) deelname, vrye sang (*praise and worship*), -gebed en -getuienis gefokus. Tweedens is daar steeds ruimte vir prediking, maar dit word dan derdens opgevolg met ruimte vir 'n 'bedieningstyd' waarin gelowiges deur middel van gebede en informele rituele soos

handoplegging en salwing bedien word (Barnard 2006:53). Klem word geplaas op bekering, wedergeboorte en evangelisasie (moontlik vanweë die al groter wordende sekularisasie van die mensdom), vandaar Heitink se benaming vir hierdie bewegings – die Evangeliese beweging.

Ook Suid-Afrika ontsnap nie dié veranderinge nie. In die Nederduitse Gereformeerde Kerk beleef ons reeds van hierdie veranderinge (veral in die aanddienste) en in ’n kontroversiële beweging soos die van die Evangeliese Inisiatief. Marcel Barnard gaan verder deur ook te fokus op die meer sintetiese denke en benadering van Afrikaners (dit sluit alle etniese groepe in Afrika in), in teenstelling met die meer analitiese denke en benadering van die Europeërs. Hieruit volg die Afrikaanse (Afrika-) inslag en klem op musiek, ritme en liggaamstaal (Barnard 2006:61).

*2.7.2.7d ’n Polêre liturgiese dialektiek*

Hoewel baie interessant en ontsettend relevant vir ons in Suid-Afrika, val ’n verdere bespreking en evaluering van Barnard (2006) se onderskeidinge buite die bestek en bedoeling van hierdie proefskrif, behalwe om daarop te let dat ons in die liturgiese inkleding en aanbieding van eredienste deeglik rekening sal moet hou met die oorgange en spanning tussen die twee liturgiese bewegings asook met die daarmee gepaardgaande kodes. Dit is noodsaaklik om kennis te neem en bewus te wees van hierdie twee bewegings wat deur Barnard gekodeer word.

Myns insiens is dit twee pole van ’n kontinuum met ’n dialektiese spanning en dinamika wat, net soos die polêre aard van persoonlikheidstyle, ook liturgies in balans gebring moet word. Dit word later in die proefskrif veral op die terrein van persoonlikheidstyle verreken. Moontlik kan elke liturg in aansluiting by die verskillende tydvakke wat in Hoofstuk 5 gehanteer word, ook empiries probeer bepaal waar op hierdie kontinuum ’n betrokke gemeente of kerk haar bevind. Vir ’n meer uitvoerige uiteensetting van hierdie onderskeidinge word die leser na Barnard (2006:33-76) en na Heitink (2007:232-234) verwys.

## 2.8 Effektief… te kan aanspreek

Dit klink op die oor af onnodig om hierdie deel van die titel van die proefskrif enigsins aan te raak, want almal verstaan tog sekerlik wat bedoel word met die effektiewe aanspreek van erediensgangers, of juis dalk nie?

Dit gaan nie daaroor of die liturg van mening is dat hy/sy die erediensgangers effektief aanspreek in 'n erediens nie, maar of die erediensgangers self kan getuig dat hulle in 'n erediensgebeure aangespreek word. Hiervan is die belewing van die teenwoordigheid van God, die bewustheid van die ontmoeting met die Almagtige en die ontvangs en integrasie van die boodskap van heil in die hoorder se lewe deel. Dit is natuurlik moeilik, indien nie amper onmoontlik nie, om bogenoemde te meet. Volgens Vos (1995:1) is die "preekmaker en sy preek so breekbaar soos 'n spinnerak. Daarom beland die preek van tyd tot in die spervuur".

Vos (1995:2-6) onderskei velerlei verstaansprobleme wat ten opsigte van elke deelnemer en faktor in die kommunikasieproses in die erediens kan ontstaan: "Die eerste fokuspunt is die prediker en die wyse waarop hy met die preek omgaan" (Vos 1995:1). Die strukturering en oordrag van die boodskap in die erediens, asook 'kompetisie' en vergelykbaarheid met ander metodes van hedendaagse kommunikasie, bring die preek en prediker in die spervuur.

Dit is verder 'n ope vraag of predikante (liturge) psigies en geestelik oop en toeganklik genoeg is om hulle bloot te stel aan sodanige kritiek en toetsing? "*Preaching is an act of self-expression which makes the preacher vulnerable. Criticism on preaching is hard to bear and easily appeals to hidden doubts about the preacher's own faith and motivation*" (Stark 2005:93). Indien homiletiek, gemeente en predikante egter relevant

wil wees en wil bly, het hulle geen ander keuse as om oop te wees hiervoor nie.

“Die tweede saak wat in die preekkrisis die aandag vra, is die kommunikasieproses” (Vos 1995:2). Hier kom die monologiese aanbieding van die boodskap deur die liturg in gedrang en word dit beleef en afgespeel teenoor die hedendaagse kreatiewe en dinamiese kommunikasie-oordrag. Die groter klem op die hele liturgie en die deelname van erediensgangers bring wel meer van ’n dialoog ter sprake, maar ‘eenrigtingkommunikasie’ in die erediens bly ’n wesenlike gevaar.

Die derde aspek wat onder geweldige druk kom, gaan oor die boodskap wat verkondig word en die bron daarvan, die Bybel (Vos 1995:3). Die gesag en aanspraak van die Woord van God kom in gedrang en word nie orals meer klakkeloos aanvaar nie. Is die Bybel die Woord van God of is dit woorde oor God? Is die Bybel nog relevant vir die huidige en toekomstige eeue? Hierdie en dergelike vrae en worsteling bring erediensgangers in die war en skep onsekerheid, veral omdat die antwoorde nie fundamentalisties eenvoudig gegee kan word nie.

Dit is egter nie my oogmerk of die proefskrif se bedoeling om in hierdie hermeneutiese vrae vas te val of daarop in te gaan nie. Genoeg om te bely dat die Bybel vir my die Woord van God is waarin God drie-enig in gesprek en verhouding met die mens tree in terme van sy verlossing en lewensin. Natuurlik moet die Bybel met ’n gepaste hermeneutiek benader word, wat later aan die orde sal kom.

Die vierde saak volgens Vos (1995:4) wat ’n rol speel in die effektiewe aanspreek van die erediensganger, is die hoorder en sy konteks – leefwêreld. Hier kan die voorspelbaarheid van die liturgie tot verveling lei. Die tydgees en die erediensganger se godsdienstige-, sosiale- en geesteskonteks kom hier in spel. “Die skynbaar geringe effek van die preek op die hoorder kan aan verskeie faktore gewyt word” (Vos 1995:4&5). Van dié faktore en nog ander word later in Hoofstuk 5

bespreek. Die proefskrif fokus egter op één spesifieke bepalende (en bepaalbare) faktor in die konteks van die erediensganger, naamlik dié van persoonlikheidstyl.

Daar is 'n hele aantal maniere waarop die 'effektiewe aanspreek' getoets sou kon word. Dit kan gedoen word deur informele gesprekke, kommentaarvorms, vraelyste of ander terugvoertegnieke soos onderhoude. Vraelyste is volgens Stark (2005:96) meer geskik vir kwantitatiewe ondersoeke en onderhoude meer vir kwalitatiewe ondersoeke. Dit is egter 'n onderneming waarvoor liturge, gemeentes, ringe en sinodes self pa sal moet staan, en is heeltemal te wyd vir een studie.

Die belangrike beginsel is egter dat ons nie vir en namens die erediensgangers moet besluit en reageer nie, maar hulleself aan die woord moet laat kom. In dié verband verklaar Vos (2005:331) *"Only the listener can decide whether the message was communicated successfully to him/her current situation".* Hiervoor moet elke kerk, liturg, kerkraad en gemeente self verantwoordelikheid neem.